

**DIE VOORNAAMWOORD IN TSWANA : DIE
IDENTIFIKASIE EN KLASSIFIKASIE**

**MADELAINE ZERWICK
B.A., HONS.B.A., H.O.D.(N), B.ED.**

**SKRIPSIE VOORGELê VIR GEDEELTELIKE NAKOMING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD**

MAGISTER ARTIUM

**IN AFRIKATALE IN DIE
FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE**

VAN DIE

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR
CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

LEIER: PROF. C.J.H. KRÜGER

POTCHEFSTROOM

1997

DANKBETUIGINGS

'n Woord van opregte dank aan:

- Die Skepper aan wie al die eer en dank toekom.
- Prof. C.J.H. Krüger, my studieleier, vir sy bekwame leiding en aanmoediging.
- Die personeel van die Departement Afrikatale aan die PU vir CHO.
- Mev. C. Ungerer vir die taalversorging en proeflees.
- Mej. E. Roode vir die versorging van die Summary.
- Mev. M.P. van der Merwe vir die tikwerk.
- My man, ouers, familie en vriende vir hul belangstelling.

Opedra aan my man

Johan

Geldelike bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

INHOUDSOPGAWE

| | |
|--|----------|
| HOOFSTUK I - INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN WERKSWYSE | 1 |
| 1.1 KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING | 1 |
| 1.2 DOELSTELLING | 3 |
| 1.3 SENTRAAL TEORETIESE STELLING | 4 |
| 1.4 METODE VAN ONDERSOEK | 4 |
| 1.5 HOOFSTUKINDELING | 4 |
| | |
| HOOFSTUK II - TEORIEë OOR VOORNAAMWOORDE IN TSWANA EN AANVERWANTE TALE : BESTAANDE TEORIEë, DEFINISIES EN INDELINGS | 5 |
| | |
| 2.1 INLEIDING | 5 |
| 2.2 DIE ABSOLUTE VOORNAAMWOORD | 5 |
| 2.2.1 Definisie | 5 |
| 2.2.2 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord | 6 |
| 2.2.2.1 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord in Tswana | 6 |
| 2.2.2.2 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord in Noord-Sotho | 6 |
| 2.2.2.3 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord in Suid-Sotho | 7 |
| 2.2.3 Besondere funksies van die absolute voornaamwoord | 7 |
| 2.2.4 Variante benoemings en beskrywings | 8 |
| 2.3 DIE DEMONSTRATIEWE VOORNAAMWOORD | 8 |
| 2.3.1 Definisie | 8 |
| 2.3.2 Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord | 9 |
| 2.3.2.1 Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord in Tswana | 9 |

| | | |
|-----------|--|----|
| 2.3.2.2 | Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord in Noord-Sotho | 9 |
| 2.3.2.3 | Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord in Suid-Sotho | 11 |
| 2.3.3 | Besondere funksies van die demonstratiewe voornaamwoord | 11 |
| 2.3.4 | Variante benoemings en beskrywings | 12 |
| 2.4 | DIE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD | 12 |
| 2.4.1 | Definisie | 12 |
| 2.4.2 | Morfologiese vorming en struktuur van die kwantitatiewe voornaamwoord | 12 |
| 2.4.2.1 | Morfologiese vorming en struktuur van die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho | 12 |
| 2.4.2.2 | Morfologiese vorming en struktuur van die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho | 13 |
| 2.4.2.3 | Morfologiese vorming en struktuur van die getalaanduidende kwantitatiewe voornaamwoord | 14 |
| 2.4.3 | Besondere funksies van die kwantitatiewe voornaamwoord | 14 |
| 2.4.4 | Variante benoemings en beskrywings | 14 |
| 2.5 | DIE KWALIFIKATIEWE VOORNAAMWOORD | 15 |
| 2.5.1 | Definisie | 15 |
| 2.5.2 | Die adjektief-relatiefgroep | 16 |
| 2.5.2.1 | Definisie | 16 |
| 2.5.2.2 | Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief | 17 |
| 2.5.2.2.1 | Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief in Tswana | 17 |
| 2.5.2.2.2 | Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief in Noord-Sotho | 18 |
| 2.5.2.2.3 | Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief in Suid-Sotho | 19 |
| 2.5.2.3 | Besondere funksies van die adjektief-relatiefkonstruksie | 20 |
| 2.5.2.4 | Variante benoemings en beskrywings | 20 |
| 2.5.3 | Die possessiewe voornaamwoord | 21 |
| 2.5.3.1 | Definisie | 21 |
| 2.5.3.2 | Morfologiese vorming en struktuur van die possessiewe voornaamwoord in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho | 21 |
| 2.5.3.3 | Besondere funksies van die possessiewe voornaamwoord | 22 |

| | | |
|---------------|--|-----------|
| 2.5.3.4 | Variante benoemings en beskrywings | 22 |
| 2.5.4. | Die werkwoord-relatief | 22 |
| 2.5.4.1 | Definisie | 22 |
| 2.5.4.2 | Morfologiese vorming en struktuur van die relatief | 23 |
| 2.5.4.2.1 | Die morfologiese vorming en struktuur van die relatief in Tswana | 23 |
| 2.5.4.2.2 | Die morfologiese vorming en struktuur van die relatief in Noord-Sotho | 24 |
| 2.5.4.2.3 | Die morfologiese vorming en struktuur van die relatief in Suid-Sotho | 25 |
| 2.5.4.3 | Besondere funksie(s) van die relatief | 25 |
| 2.5.4.4 | Variante benoemings en beskrywings | 25 |
| 2.5.5 | Die enumeratiewe voornaamwoorde | 26 |
| 2.5.5.1 | Definisie | 26 |
| 2.5.5.2 | Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoorde | 26 |
| 2.5.5.2.1 | Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoord in Tswana | 26 |
| 2.5.5.2.2 | Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoorde in Noord-Sotho | 28 |
| 2.5.5.2.3 | Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoorde in Suid-Sotho | 28 |
| 2.5.5.3. | Besondere funksies van die enumeratiewe voornaamwoorde | 29 |
| 2.5.5.4. | Variante benoemings en beskrywings | 29 |
| 2.5.5.4.1 | Wookey en Brown | 29 |
| 2.5.5.4.2 | Crisp | 30 |
| 2.5.5.4.3 | Sandilands | 31 |
| 2.5.6 | Ander voornaamwoorde | 31 |
| 2.5.6.1 | Onbepaalde voornaamwoord | 31 |
| 2.5.6.2 | Onderwerpsvoornaamwoorde | 32 |
| 2.5.6.3 | Voorwerpsvoornaamwoorde | 32 |

HOOFSTUK III - 'N TEORETIESE RAAMWERK VIR DIE IDENTIFIKASIE EN KLASSIFIKASIE VAN DIE ITEMS SOOS UITEEN GESIT IN HOOFSTUK II

| | | |
|------------|------------------------------|-----------|
| 3.1 | INLEIDING | 34 |
| 3.2 | WOORDVERDELINGSISTEME | 35 |

| | | |
|-----------------|--|-----------|
| 3.2.1 | Disjunktivisme | 35 |
| 3.2.2 | Semi-konjunktivisme | 37 |
| 3.2.3 | Konjunktivisme | 37 |
| 3.2.4 | Die verskillende items waaroor verskille bestaan | 38 |
| 3.2.4.1 | Die werkwoord | 39 |
| 3.2.4.1.1 | Voorbeelde ten opsigte van die onderwerpsmorfeme | 39 |
| 3.2.4.1.2 | Voorbeelde ten opsigte van die voorwerpsmorfeme | 40 |
| 3.2.4.1.3 | Voorbeelde ten opsigte van die refleksiefmorfeem | 41 |
| 3.2.4.1.4 | Voorbeelde ten opsigte van die negatiewe morfeme -sa, -se en -ga | 41 |
| 3.2.4.1.5 | Voorbeelde ten opsigte van progressiewe item | 41 |
| 3.2.4.1.6 | Voorbeelde ten opsigte van die potensiale item | 42 |
| 3.2.4.2. | Partikels/Betrekingswoorde | 42 |
| 3.2.4.2.1 | Voorbeelde ten opsigte van instrumentale betrekingswoord -ka | 43 |
| 3.2.4.2.2 | Voorbeelde ten opsigte van die assosiatiewe betrekingswoord -le | 43 |
| 3.2.4.2.3 | Voorbeelde ten opsigte van die lokatiewe betrekingswoord -go | 43 |
| 3.2.4.3 | Kopulatiewe werkwoorde (sogenaamde kopulatiewe partikels) | 44 |
| 3.2.4.3.1 | Voorbeelde ten opsigte van die identifiserende kopulatief | 44 |
| 3.2.4.3.2 | Voorbeelde ten opsigte van die definiërende kopulatief | 44 |
| 3.2.4.4 | Possessiewe en kwalifikatiewe skakels | 45 |
| 3.2.4.4.1 | Voorbeelde ten opsigte van die possessiewe skakel | 45 |
| 3.2.4.4.2 | Voorbeelde ten opsigte van die relatiefskakel | 46 |
| 3.2.4.5 | Lokatiewe demonstratiewe | 46 |
| 3.2.4.5.1 | Voorbeelde ten opsigte van die lokatiewe demonstratiewe mô en fa | 46 |
| 3.2.4.5.2. | Voorbeelde ten opsigte van die lokatiewe demonstratief kwa | 47 |
| 3.2.4.6 | Naamwoorde en voornaamwoorde | 47 |
| 3.2.4.6.1 | Voorbeelde ten opsigte van naamwoorde | 47 |
| 3.2.4.6.2 | Voorbeelde ten opsigte van voornaamwoorde | 48 |
| 3.3 | WOORDIDENTIFIKASIE | 48 |
| 3.3.1 | Basiese toetse | 49 |
| 3.3.1.1 | Onafhanklike toets(e) | 49 |
| 3.3.1.2 | Afhanklike toetse | 50 |
| 3.3.2 | Addisionele toetse | 51 |

| | | |
|--|---|-----------|
| 3.4 | KLASSIFISERINGSPRINSIPES/KRITERIA | 51 |
| 3.4.1 | Morfologiese kriteria | 52 |
| 3.4.2 | Semantiese kriteria | 53 |
| 3.4.3 | Fonologiese kriteria | 53 |
| 3.4.4 | Valensionele kriteria | 54 |
| 3.4.4.1 | Sinsvalensie | 54 |
| 3.4.4.2 | Woordgroepvalensie | 55 |
| HOOFSTUK IV – DIE WOORDKLASSTATUS VAN DIE VOORNAAM- WOORD | | 56 |
| 4.1 | INLEIDING | 56 |
| 4.2 | TOEPASSING | 57 |
| 4.2.1 | Die absolute voornaamwoord | 57 |
| 4.2.1.1 | Status | 57 |
| 4.2.1.2 | Generiese status | 58 |
| 4.2.1.3 | Struktuur | 58 |
| 4.2.2 | Die demonstratiewe voornaamwoord | 59 |
| 4.2.2.1 | Status | 59 |
| 4.2.2.2 | Generiese status | 59 |
| 4.2.2.3 | Struktuur | 60 |
| 4.2.3 | Die kwantitatiewe voornaamwoord | 61 |
| 4.2.3.1 | Status | 61 |
| 4.2.3.2 | Generiese status | 62 |
| 4.2.3.3 | Struktuur | 62 |
| 4.2.4 | Die kwalifikatiewe betrekkingwoordgroep | 63 |
| 4.2.4.1 | Die adjektief-relatiefgroep | 63 |
| 4.2.4.1.1 | Status | 63 |
| 4.2.4.1.2 | Generiese status | 64 |
| 4.2.4.1.3 | Struktuur | 64 |
| 4.2.4.2 | Die werkwoord-relatiefkonstruksie en die kopulatief-relatiefkonstruksie | 64 |
| 4.2.4.2.1 | Status | 64 |
| 4.2.4.2.2 | Generiese status | 66 |
| 4.2.4.2.3 | Struktuur | 66 |

| | | |
|------------------|---------------------------------------|-----------|
| 4.2.4.3 | Die possessiewe voornaamwoord | 66 |
| 4.2.4.3.1 | Status | 66 |
| 4.2.4.3.2 | Generiese status | 67 |
| 4.2.4.3.3 | Struktuur | 67 |
| 4.2.4.4 | Die enumeratiewe voornaamwoord | 67 |
| 4.2.4.4.1 | Status | 66 |
| 4.2.4.4.2 | Generiese status | 68 |
| 4.2.4.4.3 | Struktuur | 69 |
| | | |
| | HOOFSTUK V - SAMEVATTING | 70 |
| | | |
| | BYLAAG | 76 |
| | | |
| | BIBLIOGRAFIE | 89 |

HOOFSTUK I

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN WERKSWYSE

1.1 KONTEKSTUALISERING EN PROBLEEMSTELLING

Die veld van ondersoek in hierdie studie is die woordsoortsisteem van Afrikatale, met spesifieke verwysing na Tswana. In verskeie grammatikas van die Afrikatale gee grammatici erkenning aan die woordklas "voornaamwoord" as 'n aparte woordkategorie. Hulle verskil egter onderling in terme van die items wat as voornaamwoorde geklassifiseer word. 'n Verdere probleem is dat die items slegs anaforiese verwysingsmoontlikhede as kenmerke gebruik.

Van Eeden (1941:46) definieer byvoorbeeld die voornaamwoord (pronomen) in Suid-Sotho soos volg:

'n Pronomen (voornaamwoord) is 'n woord wat in die plek van of in apposisie met 'n nomen (naamwoord) gebruik word.

Doke (1975:107) verskil egter in sy definisie van bostaande skrywer:

A pronoun is a word which signifies anything concrete or abstract, without being its name.

Louwrens (1994:153) sluit hierby aan:

A pronoun is a word which may replace a noun or noun phrase.

Die **grondoorsaak** van hierdie interpretasieverskille is geleë in die bestaan van **drie woordverdelingsisteme** in die studie van Afrikatale, naamlik konjunktivisme, semi-konjunktivisme en disjunktivisme soos beskryf deur Van Wyk (1958) en Louwrens (1991). Hierdie woordverdelingsisteme verskil van mekaar ten opsigte van die **woord** as taalsimboleenheid wat betref **woordgrense** en **woordklasse**. Dit is 'n verskynsel wat uniek is aan die taalkunde van Afrikatale. Die woord se status as taalsimbool-

eenheid berus op besondere woordkenmerke, naamlik **isoleerbaarheid, omstelbaarheid, skeikbaarheid** en **verplaasbaarheid** (Van Wyk, 1958:304). Woordklasstatus berus op die kenmerke waarvolgens woorde in klasse/soorte ingedeel kan word ten opsigte van **morfologiese, semantiese** en **sintaktiese** ooreenkomste en verskille. Die voornaamwoord as woordklas word beoordeel aan die hand van bogenoemde kenmerke.

Volgens Cole (1975:135) se indeling is daar verskillende tipes kwalifikatiewe voornaamwoorde wat in die struktuur "naamwoord + item" as kwalifikatiewe beskou word, te wete, die adjektiewe kwalifikatiewe voornaamwoord, enumeratiewe kwalifikatiewe voornaamwoord, kwantitatiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde, die possessiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde en die relatiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde.

Cole (1975:135) is van mening dat byvoorbeeld **yômolêêle** in **monna yômolêêle** (die lang man) 'n adjektief is wat **monna** kwalifiseer, maar in ander sintaktiese omgewings word dit as 'n voornaamwoord geklassifiseer (bv. **Yômolêêle ke morutabana**. Die lang een is 'n onderwyser). Cole (1975:135) spesifiseer bogenoemde gebruiksverskille soos volg:

If the substantive be understood; or if the qualificative word be placed before the substantive, which is very rare in Tswana, then the qualificative assumes the function of a pronoun, i.e. it becomes a qualificative pronoun. Thus in **yômolêêle o tsile** (the tall man has come) **yômolêêle** is the subject of the sentence and therefore a substantive; it is functionally a pronoun, representing the noun **monna**.

Volgens Van Wyk (1961:83) en Krüger (1989:12) is sulke items nie woorde nie, maar woordgroepe. Dit wil sê in die voorbeeld hierbo is **yô molêêle** 'n woordgroep bestaande uit 'n relatiewe betrekkingwoord of relatiewe partikel **yô** gevolg deur 'n komplementêre veranderlike beskrywende naamwoord **molêêle**. Dit kan dus nie as **woordsoort** geklassifiseer word nie.

Uit die bronnestudie het dit ook aan die lig gekom dat grammatici verskil ten opsigte van die klassifikasie van sekere items as voornaamwoorde. Die oorsaak van hierdie verskille is geleë in die verskil in teoretiese benadering ten opsigte van twee probleemareas van die woord in Tswana, naamlik **woordidentifisering** (d.i. woordgrensvasstelling) en **woordsoortklassifisering**. 'n Definitiewe leemte in die taalkunde van Afrikatale is dat daar gedurende die tydperk vanaf 1958 tot op hede, sover vasgestel kan word, geen verdere studies onderneem is aangaande die woordverdelingsisteme nie. Die probleem wat hieruit voortvloei is dat daar steeds verskille ten opsigte van die identifisering en klassifisering rondom die voornaamwoord in Tswana bestaan. Probleme wat uit voorafgaande voortvloei, kan verdeel word in die volgende:

- (a) Hoe sien die woordverdelingsisteme daaruit en wat is die verskillende kriteria (prinsipes) wat in die genoemde sisteme gepropageer word?
- (b) Wat is die verskille en ooreenkomste tussen die woordklassifiseringskriteria en woordidentifiseringskriteria?
- (c) Watter van die genoemde woordverdelingsisteme is volgens fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese kenmerke die aanvaarbaarste?
- (d) Hoe kan die verskillende items op grond van bogenoemde kriteria beoordeel word om sodoende hulle woordklasstatus vas te stel?

1.2 DOELSTELLING

Die doel van die studie is om:

- (a) 'n uiteensetting te gee van die bestaande woordverdelingsisteme en van die kriteria (prinsipes) wat in die genoemde sisteme gepropageer word deur verskillende grammatici;
- (b) die verskillende woordklassifiseringskriteria en woordidentifiseringskriteria se verskille en ooreenkomste aan te toon, onderling te vergelyk en krities te beoordeel;

- (c) die bestaande woordverdelingsisteme krities te beoordeel en te evalueer, om sodoende uitsluitel te verkry oor watter woordverdelingsstelsel die aanvaarbaarste is volgens linguistiese beginsels;
- (d) die verskillende items op grond van bogenoemde kriteria te beoordeel om sodoende hulle woordklasstatus vas te stel.

1.3 SENTRAAL TEORETIESE STELLING

Daar sal geargumenteer word dat daar nie verdere vordering gemaak sal word met die herklassifikasie van voornaamwoorde in die taalkunde van Afrikatale nie, alvorens daar nie eers eenstemmigheid verkry word ten opsigte van die kriteria vir **woordidentifisering** en **woordklassifisering** nie.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Die metode van ondersoek behels 'n bronnestudie van bestaande studies oor die onderwerp, waarna 'n kritiese evaluering sal volg. In die studie sal 'n struktureel-funksionele benaderingswyse gevolg word.

1.5 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk II

Teorieë oor voornaamwoorde in Tswana en aanverwante tale. Bestaande teorieë, definisies en indelings.

Hoofstuk III

Voorname woorde in Tswana: 'n teoretiese raamwerk vir identifikasie en klassifikasie.

Hoofstuk IV

Die woordklasstatus van die voornaamwoord.

Hoofstuk V

Samevatting/Summary

HOOFSTUK II

TEORIEë OOR VOORNAAMWOORDE IN TSWANA EN AANVERWANTE TALE : BESTAANDE TEORIEë, DEFINISIES EN INDELINGS

2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word daar aandag gegee aan die verskillende items wat as voornaamwoorde beskou word. In die grammatikas van Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho gee grammatici soos Van Eeden (1941), Sandilands (1953), Doke (1957), Ziervogel (1969), Cole (1975) en Louwrens (1991) almal erkenning aan die voornaamwoord as 'n aparte woordkategorie.

Die doel van die hoofstuk is om die voornaamwoorde te bespreek ten opsigte van die volgende aspekte:

- (a) al die verskillende voornaamwoorde van Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho, asook hul definisies;
- (b) die morfologiese vorming en struktuur van die verskillende voornaamwoorde;
- (c) die besondere funksies van elk, asook variante benoemings en beskrywings;
- (d) ander items wat ook as voornaamwoorde beskou word.

Die bespreking wat volg moet gesien word as 'n weergawe van die bydraes van die onderskeie grammatici. Kritiek op hierdie bydraes sal in hoofstuk 4 gelewer word.

2.2 DIE ABSOLUTE VOORNAAMWOORD

2.2.1 Definisie

Die absolute voornaamwoord word soos volg deur Doke (1957:107) gedefinieer:

The absolute pronoun is that type of pronoun which, while indicating a certain noun, does nothing further

than indicate it, in no way describes or limits it, and is, in short, a concord converted into a complete word.

Ziervogel (1969:47) gaan verder en definieer die absolute voornaamwoord soos volg:

The absolute pronoun is a pronoun which, inter alia, takes the place of a noun as subject or as object of the sentence.

Louwrens (1994:1) bevestig die definisies van bogenoemde skrywers en sê die volgende van die absolute voornaamwoord:

A term denoting a word which is used to refer to a noun or a deleted noun.

2.2.2 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord

2.2.2.1 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord in Tswana

Volgens Cole (1975:128) word die absolute voornaamwoord gevorm deur 'n kategoriale morfeem, identies met die onderwerpskakel, wat assimileer aan 'n wortel **-ô-** met die uitgang **-nê** of **-na**. In die geval van die eerste, tweede en derde persoon enkelvoud is die wortel **-e-** en die uitgang slegs **-na** (Cole, 1975:128).

(Sien tabel 1.1 in bylaag)

2.2.2.2 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord in Noord-Sotho

Volgens Ziervogel (1969:47) en Louwrens en Poulos (1994:73) word die absolute voornaamwoord gevorm deur 'n kongruensiemorfeem (of skakelmorfeem) wat assimileer aan 'n wortel **-ô-** of **-e-** waarna 'n agtervoegsel **-na** volg.

(Sien tabel 1.2 in bylaag)

2.2.2.3 Morfologiese vorming en struktuur van die absolute voornaamwoord in Suid-Sotho

- (a) Al die voornaamwoorde het volgens Van Eeden (1941:47-49) 'n gemeenskaplike suffiks **-na** asook 'n **-o-** wat vooraan die **-na** kom.
- (b) Vooraan dié stam, **-na** verskyn dan die verskillende prefikselemente, wat daarmee (met **-na**) saamsmelt, bv.

ba + ona > bona (klas 1, mv.)

o + ona > oona (klas 2, ekv.)

(klas 5, ekv.)

e + ona > eona (klas 2, mv.)

- (c) In die gevalle waar die prefikselement uit 'n konsonant en 'n vokaal bestaan, naamlik **ba**, **le**, **se**, **li**, **bo** en **ho**, word die vokaal daarvan verdring deur die **-o-** van **-ona**.
- (d) In die enkelvoudsvorme van die eerste, tweede en derde persoon, te wete **na** (ek), **uena** (jy) en **eena** (hy, sy) verskyn nie 'n **-o-** voor die **-na** nie, maar in **uena** en **eena** wel 'n oop **e** in die plek daarvan, sodat **-ena** in dié twee gevalle as die stam aangeneem moet word in plaas van u **-ona** (Van Eeden, 1941:47-49).

(Sien tabel 1.3 in bylaag)

2.2.3 Besondere funksies van die absolute voornaamwoord

Grammatici soos Doke (1957:108), Ziervogel (1969:47-48) en Louwrens (1994:1) wys almal daarop dat die absolute voornaamwoord 'n kwalifiserende (emfatiese) gebruik het, wat voor of agter die naamwoord kan staan.

Die absolute voornaamwoord kan die naamwoord ook as onderwerp of as voorwerp vervang. Die naamwoord waarna die absolute voornaamwoord verwys kan ook weggelaat word, maar slegs wanneer dié naamwoord in die teks bekend is, byvoorbeeld **Tsona o di (dikgomo) rekile**. (Die man het hulle (beeste) gekoop.)

2.2.4 Variante benoemings en beskrywings

Crisp (1886:13) maak nie gebruik van die benaming absolute voornaamwoord nie, maar wel van die benaming **emfatiese voornaamwoord**. Die morfologiese vorming en struktuur stem wel ooreen met dié van die absolute voornaamwoord. Sandilands (1953:67) verkies ook om die term emfatiese voornaamwoord te gebruik. Wookey en Brown (1949:43) maak ook gebruik van die term "emphatic nominal" or "objective pronoun".

2.3 DIE DEMONSTRATIEWE VOORNAAMWOORD

2.3.1 Definisie

Grammatici soos Sandilands (1953), Doke (1957), Ziervogel (1969), Cole (1975) asook Van Wyk *et al.* (1990) erken almal die bestaan van die woordklas demonstratiewe voornaamwoord. Die grammatici gee egter nie een 'n duidelike definisie nie. Die volgende definisies kan egter dien as 'n goeie beskrywing van wat 'n demonstratiewe voornaamwoord is:

Demonstrative is a term used to refer to a word which is used to indicate the position of a person or object relative to the positions of the speaker and the addressee. The demonstrative is often referred to in grammars as a pronoun, whereas in some other instances it is referred to as a determiner or a nominal determiner (Louwrens, 1994:48).

Van Eeden (1941:52) sê die volgende van die demonstratiewe voornaamwoord:

Hierdie pronomina word gebruik om aan te dui hoe naby die aangeduide persoon of saak is aan, of hoe ver verwyderd dit is van die spreker of die aangesprokene of beide.

2.3.2 Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord

2.3.2.1 Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord in Tswana

Volgens Cole (1975:130-132) word die demonstratief gevorm deur 'n kategoriale morfeem, identies aan die onderwerpmorfeem, plus die ooreenstemmende lae vokaal wat daarin vervat is en wat dan assimileer, byvoorbeeld:

$$\begin{array}{l} o + ô > yô \\ e + ê > ê \end{array}$$

Afstand 2 word gevorm deur 'n uitgang *ô* aan afstand 1 te voeg, byvoorbeeld:

$$\begin{array}{l} yô + ô > yôo \\ ê + ô > êo \end{array}$$

Afstand 3 word gevorm deur *-no* aan afstand 1 te voeg, byvoorbeeld:

$$\begin{array}{l} yô + no > yôna \\ ê + no > êno \end{array}$$

Afstand 4 word gevorm deur *-lê (la)* aan afstand 1 te voeg, byvoorbeeld:

$$\begin{array}{l} yô + lê > yôlê \\ ê + lê > êlê \end{array}$$

(Sien tabel 2.1 in bylaag)

2.3.2.2 Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord in Noord-Sotho

Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord in Noord-Sotho word deur Van Wyk *et al.* (1985:37-38) soos volg beskryf:

- (a) Demonstratiewe van die eerste posisie kan as basiese demonstratiewe beskou word. Posisie 1 word gevorm deur 'n kategoriale morfeem (identies

aan die onderwerpmorfeem) plus die ooreenstemmende lae vokaal wat assimileer, byvoorbeeld:

o + ô > wô

e + ê > yê

- (b) Posisie 1a neem die agtervoegsel **-no** na die basiese demonstratief, byvoorbeeld:

yô + no > yôno

wô + no > wôno

- (c) Posisie 2 neem die agtervoegsel **-o** aan posisie 1, byvoorbeeld:

yô + o > yôo

wô + o > wôo

- (d) Posisie 3 neem die agtervoegsel **-la** na die skakels wat nie 'n a bevat nie, en **-lê** na skakels wat 'n a bevat, byvoorbeeld:

ba + lê > bale

wô + la > wôla

- (e) In die geval van die demonstratiewe van die lokatiefklasse het slegs klas 16 en klas 18 demonstratiewe. Klas 17 het nie eie demonstratiewe nie.

Alle lokatiewe naamwoorde kan **fa** of **mô** gebruik, byvoorbeeld:

felô fa/mô ("hierdie plek")

- (f) Die infinitiefklas (klas 15) het ook geen eie demonstratiewe nie, maar neem dié van klas 18, byvoorbeeld:

go sega mô ("hierdie geslag")

(Sien tabel 2.2 in bylaag)

2.3.2.3 Die morfologiese vorming en struktuur van die demonstratiewe voornaamwoord in Suid-Sotho

Van Eeden (1941:53) sowel as Doke (1957:100) gee nie 'n duidelike uiteensetting van die vorming van die demonstratiewe voornaamwoorde in Suid-Sotho nie. Doke (1957:109) wys daarop dat daar drie posisies bestaan en elkeen het twee vorme, waarvan die een meer emfaties is as die ander. Doke (1957:111) wys ook daarop dat daar suffigering plaasvind by posisie 2 en 3, naamlik:

(a) -no by posisie 2, byvoorbeeld:

bono

hono

(b) -ne by posisie 3, byvoorbeeld:

hane

eane

(Sien tabel 2.3 in bylaag)

2.3.3 Besondere funksies van die demonstratiewe voornaamwoord

Le Roux (1988:41-42) verwys na die deïktiese en non-deïktiese funksies van die demonstratief. Met die deïktiese funksie word bedoel dat die saak waarna die demonstratief verwys, fisies teenwoordig is binne die onmiddellike konteks (omgewing) waarin die gespreksgenote hulleself bevind, byvoorbeeld:

Monna yô ke tsala ya me. (Hierdie man is my vriend.)

Die non-deïktiese funksie verwys nie in 'n fisiese sin na die relatiewe verwyderheid van 'n objek met betrekking tot die gespreksgenote nie, maar wel in 'n tydruimtelike sin.

Monna yôlê yô re mmoneng isago, o sule. (Daardie man wat ons verlede jaar gesien het, is dood.)

Yôlê verwys hier na **monna** sonder dat laasgenoemde fisies in die gespreksituasie aanwesig is. Kotze (1985:83) verwys ook na die deïktiese en non-deïktiese funksie van demonstratiewe.

2.3.4 Variante benoemings en beskrywings

Daar bestaan geen variante benamings vir demonstratiewe voornaamwoorde nie.

2.4 DIE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD

2.4.1 Definisie

Grammatici soos Van Eeden (1941:58), Doke (1957:115), Ziervogel (1969:61), Lombard *et al.* (1985:90) en Poulos en Louwrens (1994:78) onderskei die kwantitatiewe voornaamwoord. Nie een van die genoemde grammatici gee egter 'n duidelike definisie van wat 'n kwantitatiewe voornaamwoord is nie. Dié grammatici erken die kwantitatiewe stamme **-tlhê** in Tswana en **-hle** in Noord-Sotho en Suid-Sotho. Die stam **-si** word ook erken as 'n voornaamwoord. Semanties kwalifiseer hulle naamwoorde met betrekking tot kwantiteit. In die volgende paragrawe sal aangetoon word dat elkeen van die genoemde kwantitatiewe 'n eie spesifieke betekenis het.

2.4.2 Morfologiese vorming en struktuur van die kwantitatiewe voornaamwoord

2.4.2.1 Morfologiese vorming en struktuur van die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho

(a) Cole (1975:155) wys daarop dat die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in **Tswana** gevorm word deur 'n kategoriale morfeem, identies aan die onderwerpmorfeem, wat assimileer aan die wortel **-ô-** en die stam **-tlhê**. Die eerste en tweede persoon enkelvoud en die mensklas enkelvoud het nie kwantitatiewe voornaamwoorde nie, byvoorbeeld:

ba + ô + tlhê > bothê
e + ô + tlhê > yôtlhê

(Sien tabel 3.1 in bylaag)

- (b) Volgens Ziervogel (1969:60) word die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in **Noord-Sotho** gevorm deur middel van **-ôhlê** (met vernoude ô en ê). Elke stam het sy eie morfeme. Die morfeme hou duidelik verband met die klasprefiks, byvoorbeeld:

$$\begin{array}{l} y + -ôhlê > yôhlê \\ l + -ôhlê > lôhlê \end{array}$$

(Sien tabel 3.2 in bylaag)

- (c) Doke (1957:115) wys daarop dat die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in **Suid-Sotho** gevorm word deur die stam **-ohle** (met 'n halfgeslote o) wat dui op hoeveelheid of kwantiteit en het die betekenis van **almal, alles, die hele**. Vir klas 1 enkelvoud, asook vir die eerste en tweede persoon enkelvoud is daar nie kwantitatiewe voornaamwoorde nie. Vir die eerste en tweede persoon meervoud word die vorm van klas 1 meervoud (**bohle**) gebruik.

(Sien tabel 3.3 in bylaag)

2.4.2.2 Morfologiese vorming en struktuur van die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho

- (a) Volgens Cole (1975:154) word hierdie voornaamwoord in **Tswana**, gevorm deur 'n kwantitatiewe morfeem wat aan die wortel **-si** assimileer. Dit word in Afrikaans vertaal met **alleen** of **slegs**, byvoorbeeld:

$$\hat{e} + si > yôsi$$

Die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord in **Noord-Sotho** bestaan volgens Ziervogel (1969:61) uit 'n naamwoord, **nnôši**. Om "alleen" (sonder is) uit te druk kom die onderwerpskakel voor die **nnôši**, maar by die mensklas enkelvoud is die skakel 'n **a**, byvoorbeeld:

Re mmône a dutse a nnôsi. (Ons het hom alleen sien sit.)

Lesogana le ngwadile puku yê le nnôši. (Die jongman het hierdie boek alleen geskryf.)

Wanneer nnôši met 'n voorafgaande instrumentale **ka** of kopulatiewe werkwoord **le** gebruik word, word hy **nôši** (met een n) uitgespreek, byvoorbeeld:

Lesogana le ngwadile puku yê ka nôši. (Die jongman het die boek alleen geskryf.)

- (b) Volgens geraadpleegde bronne kom die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord nie in Suid-Sotho voor nie.

2.4.2.3 Morfologiese vorming en struktuur van die getalaanduidende kwantitatiewe voornaamwoord

In Tswana word die voornaamwoord gevorm deur 'n kwantitatiewe skakel vooraan 'n adjektiefstam **-bêdi**, **-raro**, **-nê**, **-tlhano** met die betekenis van albei, aldrie, alvier, alvyf, ensovoorts. (Cole, 1975:157). Dié voornaamwoord word nie in Noord-Sotho en Suid-Sotho aangetref nie.

(Sien tabel 3.5 in bylaag)

2.4.3 Besondere funksies van die kwantitatiewe voornaamwoord

Hierdie voornaamwoorde het net soos ander voornaamwoorde in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho 'n kwalifikatiewe funksie.

2.4.4 Variante benoemings en beskrywings

Crisp (1886:16) maak gebruik van die term kollektiewe voornaamwoord. Hy gee egter nie 'n duidelike beskrywing van die vorming van die voornaamwoord nie.

The collective pronoun when prefixed to **-tlhe** and **-si** form respectively the adjectives **all** or **the whole**, and **only**, **alone** or **self** (Crisp, 1886:16).

byvoorbeeld

Batho botlhe. (Al die mense.)

Ke tsile ke le nosi. (Ek het alleen gekom.)

2.5 DIE KWALIFIKATIEWE VOORNAAMWOORD

2.5.1 Definisie

The term qualitative is used to refer to those categories of words whose primary function in the language is to qualify some or other noun, in other words, they are used to describe, modify or give more information about the noun (Poulos en Louwrens, 1994:90).

In Noord-Sotho word die term “kwalifikatief” beskou as ‘n kollektiewe begrip wat verskillende tipes kwalifikatiewe of beskrywende woorde of woordgroepe omvat. Die woorde of woordgroepe is die volgende:

- (a) die adjektief
- (b) die possessief
- (c) die relatief, en
- (d) die enumeratief

(Poulos en Louwrens, 1994:90).

Ziervogel (1969:65) beskryf die kwalifikatiewe voornaamwoorde soos volg:

The term qualitative is a blanket term to include all parts of speech whose function is to qualify. Such parts of speech are adjectives, relatives, enumeratives, quantitatives and possessives.

Cole (1975:135) sê die volgende van kwalifikatiewe voornaamwoorde:

Qualificatives function as such only when they follow the substantives with which they show concordial agreement.

Volgens Cole (1975:135) is daar vyf tipes kwalifikatiewe voornaamwoorde, te wete:

- (a) adjektiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde
- (b) enumeratiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde
- (c) kwantitatiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde
- (d) possessiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde, en
- (e) relatiewe kwalifikatiewe voornaamwoorde.

Van Wyk (1961:83) en Krüger (1989:12) beskou bogenoemde items nie as woorde, soos deur bogenoemde skrywer gepropageer nie, maar wel as woordgroepe.

2.5.2 Die adjektief-relatiefgroep

2.5.2.1 Definisie

Volgens Van Wyk *et al.* (1990:73) het die adjektiefkonstruksie in Noord-Sotho dieselfde funksie as byvoeglike naamwoorde in Afrikaans, dit wil sê hulle beskryf of kwalifiseer naamwoorde ten opsigte van een of ander eienskap of hoedanigheid, byvoorbeeld **Monna yô mogolo.** (Die groot man.)

Cole (1975:138) beskryf die adjektief soos volg:

The adjective in Tswana qualifies a noun or other word which stands in its place.

Van Eeden (1941:63) beskryf die adjektief in Suid-Sotho soos volg:

Die adjektief volg gewoonlik op die nomen wat dit kwalifiseer (nader bepaal).

2.5.2.2 Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief

2.5.2.2.1 Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief in Tswana

Die adjektiefkonstruksie in Tswana bestaan uit:

- (a) die kwalifikatiewe betrekkingwoord (adjektiefskakel/relatiefskakel) wat presies dieselfde vorm het as die demonstratief 1 van die omskrewe naamwoord, en
- (b) die klasprefiks van die omskrewe naamwoord wat voor aan die adjektiefwortel geskryf word.

As die naamwoord **molelô** gekwalifiseer word met 'n adjektiefwortel, **-golo** (groot), lui die konstruksie soos volg:

molelo ô mogolo ('n groot vuur)

setlhako sê sentle ('n mooi skoen)

Hierdie konstruksie is van toepassing op elke klas, behalwe die **n-** en die **di-** klasse waar 'n verandering aangebring word aan die aanvangsfoneem van sommige adjektiefwortels. Die rede is dat die **n-** klasprefiks met die adjektiefwortels assimileer. Die geassimileerde vorm word in die **di-** klasse behou waar die gebruik van die **di-** prefiks voor die adjektiefwortels egter opsioneel is. Die volgende voorbeelde lig die verduideliking toe:

kgômo ê kgolo (n + golo > kgolo) ('n Groot bees.)

dikgomo tsê (di) kgolo (Groot beeste.)

sebata sê segolo ('n Groot roofdier.)

dibata tsê (di) kgolo (Groot roofdiere.)

(Vermeulen en Pretorius, 1990:171).

Volgens Vermeulen en Pretorius (1990:172) word daar in Tswana drie tipes adjektiefwortels aangetref, naamlik:

- (a) Vormadjektiewe byvoorbeeld **-be, -lêlêlê**
- (b) Teladjektiewe byvoorbeeld **-bêdi, -raro**
- (c) Kleuradjektiewe byvoorbeeld **-hwibidu**

2.5.2.2.2 Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief in Noord-Sotho

Volgens Van Wyk *et al.* (1990:73) bestaan die adjektiefkonstruksie uit 'n relatiewe voornaamwoord wat net soos die basiese demonstratief van die antesedent lyk, asook 'n adjektief. Die adjektief bestaan op sy beurt uit die klasprefiks van die antesedent plus 'n adjektiefstam. Vergelyk die volgende voorbeelde:

| antesedent | rel.vnw. | pref. + adj.-stam |
|-------------------|-----------------|------------------------------------|
| monna | yô | mo + golo (die groot man) |
| banna | ba | ba + ntsi (baie mans) |
| motse | wô | mo + botse (mooi stad) |
| metse | yê | me + tala (ou stede) |
| lapa | lê | le + šeše (smal werf) |
| matsatsi | a | ma + ngwe (sekere dae) |
| setulô | sê | se + fsa (die nuwe stoel) |
| bohlale | bjô | bo + bjalo (sulke wysheid) |
| go dira | mô | go - bjang (hoe 'n werkery) |
| felô | mô | go kaaka (so 'n groot plek) |

Wanneer 'n adjektiefkonstruksie in klas 9 gevorm word, ondergaan die aanvangskonsonant van die adjektiefstam klankverharding, byvoorbeeld:

nku yê n- + golo = nku yê kgoio ('n groot skaap)

ntlo yê n- + sweu = ntlo yê tšhweu ('n wit huis)

In Noord-Sotho word daar drie tipes adjektiefstamme aangetref, te wete:

- (a) Teladjektiewe byvoorbeeld **-bedi**, **-raro** (twee, drie)
- (b) Kleuradjektiewe byvoorbeeld **-šweu**, **-tala** (wit, groen)
- (c) Vormadjektiewe byvoorbeeld **-telele**, **-golo** (lank, groot)

Hierbenewens is daar drie onegte adjektiefstamme wat van naamwoorde en bywoorde afgelei is, naamlik:

-botse > goed, mooi

-bjalo > so 'n, sulke

-bjong > hoe 'n

(Van Wyk *et al.* 1990:74).

2.5.2.2.3 Morfologiese vorming en struktuur van die adjektief in Suid-Sotho

Doke (1957:135-136) beskryf die morfologiese vorming van die adjektiefkonstruksie in Suid-Sotho soos volg:

Adjectival concords in Sotho contain two elements, which in Tswana and Northern-Sotho are the 1st positional demonstrative followed by the noun-prefix. In Southern-Sotho the initial syllable of the demonstrative is used with the noun-prefix.

Die volgende adjektiewe skakels word in Suid-Sotho aangetref:

| | | |
|---------|------------|---------------|
| Klas 1 | e | -mo- |
| Klas 2 | ba | -ba- |
| Klas 3 | o | -mo- |
| Klas 4 | e | -me- |
| Klas 5 | le | -le- |
| Klas 6 | a | -ma- |
| Klas 7 | se | -se- |
| Klas 8 | tse | -[N]- |
| Klas 9 | e | -[N]- |
| Klas 10 | tse | -[N]=- |
| Klas 11 | - | |
| Klas 14 | bo | -bo- |
| Klas 15 | ho | -ho- |
| Klas 16 | - | |
| Klas 17 | - | |
| Klas 18 | - | |

2.5.2.3 Besondere funksies van die adjektief-relatiefkonstruksie

Die belangrikste funksie van die adjektief is om die naamwoord of die voornaamwoord of enige ander nie-predikatiewe woord of groep wat dit verteenwoordig, te kwalifiseer. Dit staan gewoonlik na die naamwoord, byvoorbeeld **motho yô mogolo** (die groot man).

Wanneer dit alleen gebruik word, byvoorbeeld **yô mogolo** (die groot een), word dit deur sommige grammatici beskou as 'n voornaamwoord, wat 'n kwalifikatiewe voornaamwoord genoem word (Unisa, 1985:58-59).

2.5.2.4 Variante benoemings en beskrywings

Daar bestaan nie variante benoemings en beskrywings in die geraadpleegde bronne vir die adjektief-relatiefkonstruksie nie.

2.5.3 Die possessiewe voornaamwoord

2.5.3.1 Definisie

'n Possessiewe voornaamwoord kan 'n naamwoord as besitter vervang om herhaling te vermy. Die eerste en tweede persoon verwys nie na naamwoorde nie, daarom kan hulle nie 'n naamwoord vervang nie, byvoorbeeld:

| | |
|--------------------------|---------------------------|
| buka ya mosetsana | (die boek van die meisie) |
| buka ya gagwe | (haar boek) |

(Vermeulen en Pretorius, 1990:140).

2.5.3.2 Morfologiese vorming en struktuur van die possessiewe voornaamwoord in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho

- (a) Die possessiewe voornaamwoord in **Tswana** het dieselfde morfologiese vorming en struktuur as die absolute voornaamwoord. Die betekenis is egter nie dieselfde nie. Die eerste en tweede persoon verwys nie na naamwoorde nie en daarom kan hulle nie 'n naamwoord vervang nie.

1e persoon enkelvoud > **ka/me**

2e persoon enkelvoud > **gago**

3e persoon enkelvoud > **gagwê**

(Vermeulen en Pretorius, 1990:140).

(Sien tabel 4.1 in bylaag)

- (b) Volgens Ziervogel (1969:50) is die besittlike voornaamwoordstam in Noord-Sotho vir alle klasse dieselfde as die ooreenstemmende absolute voornaamwoord buiten vir die mensklas enkelvoud (**gagwe**) en die eerste persoon (**-ka**) en tweede persoon (**gago**) enkelvoud. Die besittlike voornaamwoordstam fungeer as besitter en nie soos 'n absolute voornaamwoord nie.

(Sien tabel 4.2 in bylaag)

- (c) Volgens Van Eeden (1941:59) bestaan daar in Suid-Sotho alleenlik vir die eerste en die tweede persoon enkelvoud en die derde persoon klas 1 enkelvoud spesiale pronominale vorms wat in possessiewe gebruik word. Vir die eerste en tweede persoon meervoud en al die ander klasse word gebruik gemaak van die absolute voornaamwoord.

| | | |
|------------------------------|---|------------|
| 1ste persoon enkelvoud | > | ka |
| 2de persoon enkelvoud | > | hao |
| 3de persoon klas 1 enkelvoud | > | hae |

(Sien tabel 4.3 in bylaag)

2.5.3.3 Besondere funksies van die possessiewe voornaamwoord

Al bogenoemde grammatici stem saam dat die belangrikste funksie van die possessiewe voornaamwoord is om 'n naamwoord as besitter te vervang om herhaling te vermy.

2.5.3.4 Variante benoemings en beskrywings

Volgens al die geraadpleegde bronne bestaan daar geen variante benoemings en beskrywings nie.

2.5.4 Die werkwoord-relatief

2.5.4.1 Definisie

Die relatiefomskrywings is beskrywende konstruksies wat die ekwivalente is van Afrikaanse konstruksies met die relatiewe voornaamwoorde **wat**, **waar** (op/in/by/mee), (met/van/oor) **wie**. Ziervogel (1969:55) definieer die relatief soos volg:

Die relatiefkonstruksie dien om die naamwoord of voornaamwoord te omskryf, byvoorbeeld:

Dikgomo tšêo tše di fulago ... (Daardie beeste wat wei...)

Vermeulen en Pretorius (1990:256) sê die volgende aangaande die relatiefkonstruksie:

Die werkwoordrelatiefgroep beskryf/kwalifiseer 'n naamwoord/-groep, genoem die antesedent. Dié bepaling sê dus iets meer van 'n naamwoord en is as gevolg van sy funksie vergelykbaar met die Afrikaanse byvoeglike voor-naamwoorde, wat, waarmee, waarvan ..., ens.

In Tswana word daar onderskei tussen direkte relatiefkonstruksies en indirekte relatiefkonstruksies (Cole, 1975:171). In Noord-Sotho onderskei Poulos en Louwrens (1994:102) tussen werkwoordelike en naamwoordelike relatiefkonstruksies. Hulle wys ook daarop dat die werkwoordelike relatiefgroep onderverdeel word in 'n direkte en indirekte relatiefgroep.

2.5.4.2 Morfologiese vorming en struktuur van die relatief

2.5.4.2.1 Die morfologiese vorming en struktuur van die relatief in Tswana

(a) Die direkte relatief:

"A direct relative is one in which the antecedent is also the subject of the relative predicate i.e. the subject of the relative predicate is identical with the antecedent" (Cole, 1975:171). In 'n voorbeeld soos **monna yôo buang** ... (die man wat praat) is die naamwoord **monna** die antesedent wat gekwalifiseer word deur die relatief **yôo buang**. Terselfdertyd word die aksie uitgevoer deur die persoon **monna** wat beteken dat dit die onderwerp van die relatiefkonstruksie is. Die direkte relatief bestaan uit 'n antesedent (naamwoord) + 'n inleidende lid, wat vormlik identies is met demonstratief afstand 1 + 'n komplement.

(Sien tabel 5.1 in bylaag)

(b) Die indirekte relatief:

"An indirect relative is one in which the antecedent is in oblique relationship to the relative predicate, i.e. the subject of the relative predicate is not identical with the antecedent" (Cole, 1975:179). Daar sal opgemerk word dat

die indirekte relatiefskakels vormlik ooreenstem met die demonstratief afstand I.

(Sien tabel 5.2 in bylaag)

2.5.4.2.2 Die morfologiese vorming en struktuur van die relatief in Noord-Sotho

Ziervogel (1969:55) dui aan dat daar hoofsaaklik drie maniere is waarop relatiewe gevorm kan word, dit wil sê daar is hoofsaaklik drie soorte relatiefstamme wat elkeen 'n ander tipe skakel gebruik, naamlik:

- werkwoorde, byvoorbeeld enige werkwoordstam soos **-lema** (ploeg)
- naamwoorde, byvoorbeeld **-bohlale** (slim)
- enumeratiewe relatiefstamme, byvoorbeeld **-tee** (een)

(a) Die relatiefkonstruksie met 'n werkwoordstam, ingeslote die perfektumstam en die werkwoordstam in ander tye as sy grondslag, word soos volg gevorm: 'n relatief voornaamwoord wat verwys na die nomen wat omskryf word, plus 'n onderwerpskakel (by mensklas enkelvoud a) plus werkwoordstam waaraan **-go** gevoeg word, byvoorbeeld:

Monna yô a lemago ... (Die man wat ploeg ...)

(Sien tabel 5.3 in bylaag)

(b) By die nominale (naamwoordelike) relatief tree slegs die eerste posisie van die demonstratief as skakel op sonder enige toevoeging buiten die naamwoord wat daarop volg, byvoorbeeld:

Monna yô bohlale ... (Die slim man ...)

(Sien tabel 5.4 in bylaag)

(c) Die skakel van die enumeratiefrelatief, byvoorbeeld:

Monna o šoro ... (Die wrede man ...)

Banna ba šoro ... (Die wrede mans ...)

(Sien tabel 5.5 in bylaag)

2.5.4.2.3 Die morfologiese vorming en struktuur van die relatief in Suid-Sotho

Doke (1957:127-128) onderskei tussen twee tipes relatiefstamme in Suid-Sotho, naamlik:

- (a) Stamme waarvan abstrakte naamwoorde in klas 6 gevorm word deur die prefigering van bo-

| | | |
|-----------------------|---|----------------------------|
| - batsi (wyd) | > | bobatsi (breedheid) |
| - hlaha (wild) | > | bohlaha (wildheid) |
| - soro (wreed) | > | bosoro (wreedheid) |

- (b) Naamwoorde wat onveranderd bly, byvoorbeeld:

| | | |
|----------------|---|------------------------------|
| bohloko | > | bohloko (pynlik/heid) |
| monate | > | monate (smaaklikheid) |
| botsoa | > | botsoa (lui/heid) |

(Sien tabel 5.6 in bylaag)

2.5.4.3 Besondere funksie(s) van die relatief

Die belangrikste funksie van die relatief in Tswana, Noord-Sotho en Suid-Sotho is dat dit naamwoorde kwalifiseer of omskryf.

| | | |
|------------------------------|------------------------|---------------|
| Monna yô o dirang ... | (Die man wat werk ...) | (Tswana) |
| Monna yô o dirago ... | (Die man wat werk ...) | (Noord-Sotho) |

2.5.4.4 Variante benoemings en beskrywings

Volgens die bronne wat bestudeer is, bestaan daar geen variante benoemings en beskrywings vir die relatiefkonstruksie nie.

2.5.5 Die enumeratiewe voornaamwoorde

2.5.5.1 Definisie

Doke (1957:131) definieer die enumeratiewe voornaamwoord soos volg:

The enumerative is a word which qualifies a substantive and is brought into concordial agreement therewith by the enumerative concord.

Cole (1975:148) sê die volgende aangaande die enumeratiewe voornaamwoorde:

In typical Bantu-languages the stems for the numerals one to five, together with certain other stems, employ a special set of concords differing from those of the adjective and other qualificatives, and for this reason qualificatives of this type have been termed enumeratives.

2.5.5.2 Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoorde

2.5.5.2.1 Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoorde in Tswana

In Tswana onderskei Cole (1975:148) tussen sterk en swak tipes enumeratiewe skakels.

- (a) Die "sterk" enumeratiewe skakels word alleenlik saam met die stam **-ngwe** gebruik. Dit het die betekenis van een, 'n sekere en sommige (Cole, 1975:148). Die sterk enumeratiewe skakels saam met die stam **-ngwe** lyk soos volg:

| | | | | |
|-----------|----------|-------------|-------------|---------------|
| ba | + | ngwe | > | bangwe |
| le | + | ngwe | > | lengwe |

(Sien tabel 6.1 in bylaag)

- (i) Die stam **-ng** kan ook saam met die sterk enumeratiewe skakels gebruik word, byvoorbeeld:

| | | |
|--------|--------------|--------------------------|
| Klas 1 | mong? | (watter geslag) |
| | bang? | (meervoud) |
| 3 | leng? | (watter ouderdomsgroep?) |
| | mang? | (meervoud) |
| 4 | seng? | (watter taal?) |
| 5 | eng? | (wat?) |

- (ii) Met uitsondering van **eng?** word hierdie vorme selde gebruik en kom slegs in kopulatiewe konstruksies voor (Cole, 1975:150), byvoorbeeld:

| | |
|-----------------------|---------------------------------------|
| Kéngwana mong? | (Dit is 'n kind van watter geslag?) |
| Kébanana bang? | (Hulle is kinders van watter geslag?) |
| O leng? | (Wat is jou ouderdomsgroep?) |
| Kémang? | (Wat is jou totemgroep?) |

- (b) Die swak enumeratiewe skakels word saam met die stamme **-fe?** (watter?), **-sele** (verskillende) en **-pe** (geen, niks, enige) gebruik. Dit word soos volg gevorm:

ba - bafe? > basele > bape

- (c) Dimunutiewe vorme van die enumeratiewe word **baie** selde gebruik, en indien wel, word dit gevorm deur die suffigering van **-nyana**, byvoorbeeld:

Motho mongwenyana onê ale fa. ('n Sekere klein mensie was hier.)
(Cole, 1975:152).

- (a) Volgens Cole (1975:153) word die naamwoord **bongwe** (een) en ander bywoorde soos **gangwe** (eenkeer) en **gape** (weer) ook gevorm deur enumeratiewe stamme. Die lokatiewe vorme **gongwe**, **gosele** en **gope** word

dikwels in bywoordelike hoedanigheid gebruik, byvoorbeeld:

| | |
|--|--|
| Moithuti okwala t k  gangwe. | (Die student skryf eenkeer toets.) |
| Moithuti okwala t k  gape. | (Die student skryf weer toets.) |
| Buka elatlhegile, e gongwe. | (Die boek is weg, hy is iewers.) |
| Buka elatlhegile, gakeebone gope. | (Die boek is weg, ek sien hom n rens.) |
| Ketlaya gobatla buka gosele. | (Ek sal die boek op enige/ander plek gaan soek.) |

(Sien tabel 6.1 in bylaag)

2.5.5.2 Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoorde in Noord-Sotho

Volgens (Poulos en Louwrens, 1994:112) word die volgende enumeratiewe voornaamwoorde in Noord-Sotho aangetref:

- (a) **-fe?** (water?)
- (b) **-sele** (vreemde)
- (c) **-tee** (een)
- (d) **šoro** (wreed)

Die enumeratiewe voornaamwoorde word gevorm deurdat die enumeratiewe stam voorafgegaan word deur die onderwerpsmorfeem van die onderwerp, byvoorbeeld:

| | |
|-------------------------|------------------|
| dipuku dife? | (water boek?) |
| metše e šele | (vreemde statte) |
| motho o šoro | (wrede persoon) |
| letlakala le tee | (een bladsy) |

2.5.5.3 Die morfologiese vorming en struktuur van die enumeratiewe voornaamwoorde in Suid-Sotho

Volgens Doke (1957:131) bestaan daar drie enumeratiewe stamme in Suid-Sotho, naamlik **-ng**, **-fe?** en **-sele**. Die stam **-ng** word saam met die "sterk" enumeratiewe

skakels gebruik. Die stamme **-fe?** en **-sele** word saam met die swak enumeratiewe skakels gebruik.

(Sien tabel 6.2 in bylaag)

Wanneer **-ng** as enumeratief gebruik word, het dit die betekenis van **een en wat?** of **watter soort?** Die stamme **-fe?** en **sele** het die betekenis van **watter?** en **vreemde/ander**.

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat Van Eeden (1941:76) die term interrogetief gebruik. Hy noem ook dat daar nog 'n interrogetiewe stam, naamlik **-tonona** wat vertaal kan word met die betekenis van baie groot byvoorbeeld **poho ea tonana** ('n groot bul) en **bohobé bo botonana** ('n groot brood).

2.5.5.3 Besondere funksies van die enumeratiewe voornaamwoorde

'n Belangrike funksie van die enumeratiewe voornaamwoord is dat dit 'n kwalifikatiewe funksie het ten opsigte van 'n woord of woordgroep.

2.5.5.4 Variante benoemings en beskrywings

Hier moet genoem word dat grammatici soos Wookey en Brown (1949:65), Crisp (1886:19) en Sandilands (1953:121) nie die benaming van enumeratiewe voornaamwoorde gebruik nie, maar van die term interrogetiewe voornaamwoorde gebruik maak.

2.5.5.4.1 Wookey en Brown

Wookey en Brown (1949:65) onderskei die volgende interrogetiewe stamme:

- (a) **Mañ?** (Wie is dit?) **Ke bomañ?** (Wie is hulle?)
- (b) **Eñ** of **ñ** - Dit het die betekenis van wat?
Ke eñ? (Wat is dit?) **Ba se bitsa eñ?** (Wat noem hulle dit?)
- (c) **Ga mañ?** - Dit het die betekenis van wie s'n?
Thipa ke ea ga mañ? (Wie se mes is dit?)
- (d) **Nntse yañ?** - Dit kan vertaal word met watter soort of hoe iets is?
Masimo a nntse yañ (Hoe lyk die lande?)
Ke masimo a a nntseñ yañ? (Watter soort tuin is dit?)

(e) -he? - Dit het die betekenis van **watter?** of **watter een?**

| Klas | Enkelvoud | Meervoud |
|------|-----------|----------|
| 1 | ohe? | bahe? |
| 2 | ohe? | ehe? |
| 3 | ohe? | ahe? |
| 4 | sehe? | dihe? |
| 5 | lohe? | dihe? |
| 6 | bohe? | ahe? |
| 7 | lehe? | ahe? |
| 8 | ehe? | dihe? |
| 9 | ohe? | bahe? |
| 10 | gohe? | ahe? |

2.5.5.4.2 Crisp

Crisp (1886:19) gebruik ook die benaming van interrogatiewe voornaamwoord en hy onderskei die volgende stamme:

- (a) **Eñ** of **ñ** (Wat?) **Ke eñ?** (Wat is dit?)
- (b) **Mañ** (enkelvoud) en **bomañ** (meervoud) (Wie?)
Ntlo e agiloe ke mañ? (Deur wie is die huis gebou?)
- (c) **-fe?** (Watter?)
Bogobe bofe? (Watter pap?)
Banna bafe? (Watter mans?)

2.5.5.4.3 Sandilands

Sandilands (1953:121) maak ook gebruik van die benaming interrogatiewe voornaamwoorde. Die volgende stamme word gemeld:

- (a) **-fe?** (Watter?)
 O tla rema setlhare sefe? (Watter boom sal jy kap?)
- (b) **-pe** (geen, geen een, niks)
 Ga lo nke lo bona dijo dipe. (Jy sal geen kos kry nie.)
- (c) **-ngwe** (een, sekere een)
 Go na go le letsatsi le lengwe. (Daar was een dag.)
- (d) **Mang?** (enkelvoud) **bomang?** (meervoud) (wie?)
 Ke mang? (Wie is dit?)
 Ke bomang? (Wie is hulle?)

2.5.6 Ander voornaamwoorde

2.5.6.1 Onbepaalde voornaamwoord

Crisp (1886:20) meld dat daar ook 'n onbepaalde voornaamwoord bestaan, naamlik **go** en dit het die betekenis van **dit is** of **daar is**. Hier het Crisp misgetas. Die **go** wat hy 'n onbepaalde voornaamwoord noem, is 'n kopulatiewe werkwoord. Crisp (1886:20) gee glad nie die morfologiese struktuur en vorming nie. Vergelyk die volgende voorbeelde:

- Go siame.** (Dit is reg.)
Go ntle. (Dit is mooi.)
Go tla ea mañ. (Wie sal gaan?)

In hierdie voorbeeld verwar Crisp die "onbepaalde voornaamwoord" met die onbepaalde onderwerpsmorfeem.

- Go ntse yalo.** (Dit is so.)
-

2.5.6.2 Onderwerpsvoornaamwoorde

Sandilands (1953:27) toon aan dat daar in Tswana ook onderwerpsvoornaamwoorde bestaan.

All sentences which we have been making in Setswana have been those in which a personal pronoun is the subject - I, you, he, etc. We have not been using nouns as subjects of sentences, the reason being that, there we can do so, we must master the subjectival pronouns or subjectival concords appropriate to each type of class of noun (Sandilands, 1953:27).

In Afrikaans waar 'n naamwoord die onderwerp (subjek) is, word daar gepraat van "die man sien die vrou", maar in Setswana kan dit bykans letterlik vertaal word met "die man, hy sien die vrou". Dit is noodsaaklik dat die sogenaamde "onderwerpsvoornaamwoorde" (hy, sy, dit) ooreenstem met die prefiks van die naamwoord wat dit verteenwoordig.

2.5.6.3 Voorwerpsvoornaamwoorde

Sandilands (1953:59) en Wookey en Brown (1949:53) onderskei ook 'n voorwerpsvoornaamwoord maar gee nie 'n duidelike definisie daarvan nie. Sandilands wys daarop dat die objekvoornaamwoord voor die werkwoordwortels geplaas word, byvoorbeeld:

Ke batla dikgomo. (Ek hou van beeste.)

Ke a di batla. (Ek hou van hulle, die beeste.)

Wookey en Brown (1949:53) wys ook daarop dat die objekvoornaamwoord (voorwerpsmorfeem) voor die werkwoord staan. Hulle wys op die volgende morfologiese omstandighede:

- (a) Wanneer **m** of **n** van die eerste persoon òf **m** of **mo** van die derde persoon is, word dit aan die werkwoord gevoeg:

b - m > mpona (sien my)

c - n > nchola (ontvang my)

g - nkg > nkgata (trap my)

h - mph > mpha (gee my)

k - n > nkapa (vang my)

- (b) Wanneer die werkwoord met 'n **b** begin word 'n **m-** in plaas van 'n **n-** ingevoeg, byvoorbeeld:

mpitsa (roep my)

- (c) Wanneer **mo** voor 'n werkwoordwortel staan wat met **b-** begin, vind daar assimilasië plaas en 'n **mm-** is die gevolg, byvoorbeeld:

Ke **mmòna**. (Ek sien hom.)

Die ander grammatici soos Van Eeden (1941), Doke (1957), Ziervogel (1969), Cole (1975), Lombard *et al.* (1985) en Poulos en Louwrens (1994) maak glad nie melding van die sogenaamde "voorwerpsvoornaamwoorde" nie.

Dit is grammatikaal nie korrek om van 'n voorwerpsvoornaamwoord te praat nie, aangesien die voorwerpsmorfeem volgens die woordtoetse (paragraaf 3.3) nie woordstatus beklee nie. Die voorwerpsmorfeem verwys slegs na die voorwerp en kan dus nie 'n woord wees soos wat Sandilands, Wookey en Brown te kenne wil gee nie.

HOOFSTUK III

'N TEORETIESE RAAMWERK VIR DIE IDENTIFIKASIE EN KLASSIFIKASIE VAN DIE ITEMS SOOS UITEENGESIT IN HOOFSTUK II

3.1 INLEIDING

Die probleem van woordverdeling kom daarop neer dat 'n keuse gemaak moet word tussen die verskeie skryfmetodes, naamlik **konjunktivisme** (Cole, Doke, Ziervogel), **semi-konjunktivisme** (Van Wyk en navolgers waaronder Krüger) en die tradisionele **disjunktivisme**. Die metode van woordverdeling word gekoppel aan die naam van die taalkundige(s) wat dit voorstaan.

Daar kon vervolgens ook nog nie eenstemmigheid verkry word onder die Afrikataalkundiges aangaande die probleem van **woordklasse** of **woordsoorte** nie. Die verskille wat daar bestaan ten opsigte van woordidentifisering en woordsoortklassifisering spruit voort uit die genoemde woordverdelingsisteme. Dit bring mee dat wat hierdie ondersoek betref ook nog nie eenstemmigheid bereik kon word ten opsigte van die identifisering en klassifisering van die voornaamwoorde in Tswana nie.

Die doel van hierdie hoofstuk is om:

- (a) vas te stel hoe die verskillende woordverdelingsisteme daaruit sien en wat die kriteria is wat in die sisteme gepropageer word;
 - (b) die verskillende woordklassifiserings- en woordidentifiseringskriteria se verskille en ooreenkomste aan te toon, onderling te vergelyk en krities te beoordeel;
 - (c) uitsluitel te verkry oor watter woordverdelingsstelsel die aanvaarbaarste is volgens die fonologiese, morfologiese, sintaktiese en semantiese kenmerke van die betrokke items.
-

3.2 WOORDVERDELINGSISTEME

Volgens Van Wyk (1958:230) is daar drie belangrike woordverdelingsisteme in die grammatika van die Afrikatale, naamlik:

- | | | |
|-----|--|-------------------------------------|
| (a) | Disjunktivisme, byvoorbeeld re tla e bua ka thipa ya gagwe | Ons sal dit afslag met sy/haar mes. |
| (b) | Konjunktivisme, byvoorbeeld retlaebua kathipa yagagwe | Ons sal dit afslag met sy/haar mes. |
| (c) | Semi-konjunktivisme, byvoorbeeld retlaebua ka thipa ya gagwe | Ons sal dit afslag met sy/haar mes. |

Die genoemde linguistiese eenhede in genoemde voorbeelde, **re, tla, e, ka** en **ya** word deur die disjunktiviste beskou as outonome woorde terwyl die konjunktiviste die linguistiese eenhede as nie-outonome morfologiese onderdele van woorde beskou. Die semi-konjunktiviste beskou die linguistiese eenhede **re, tla** en **e** as morfeme terwyl **ka** en **ya** as woorde beskou word.

Vervolgens sal daar in die volgende paragrawe ondersoek ingestel word na wat in die verskillende woordverdelingsisteme gepropageer word.

3.2.1 Disjunktivisme

Volgens Van Wyk (1958:13) is disjunktivisme een van die oudste metodes van woordverdeling in die Afrikatale. Dit word gebruik in die Sothotale, Venda en Tsonga. Die disjunktiewe metode van woordverdeling toon volgens Van Wyk (1958:28) 'n paar uitsonderings. Die reëls wat gegee word bring geen veranderinge in die ou woordverdeling mee nie, maar gee slegs die deurslag waar verskillende gebruike bestaan het.

- (a) Die meervoudsklasvoorvoegsel **bo-** by selfstandige naamwoorde van klas 1(a) moet vas aan die naamwoord geskryf word, byvoorbeeld:

boMatome / bo - Matome teenoor **bo Matome** (Matome-hulle)

- (b) Die **e-** wat as voorlaaste lettergreep by enkellettergrepige werkwoorde voorkom, moet aan die stam van die werkwoord geskryf word, sonder 'n koppelteken, byvoorbeeld:
e tla / e - tla teenoor **etla!** (kom!)
- (c) Die bywoordelike voorvoegsel **ga-** moet vas aan die stam geskryf word, behalwe by lesome (tien) en hoër getalle, byvoorbeeld:
ga golo / ga - golo teenoor **gagolo** (grootliks)
- (d) Die instrumentale betrekkingwoord **ka** moet los van die daaropvolgende woord waarmee dit gebruik word, geskryf word, byvoorbeeld:
kapela / ka - pela teenoor **ka pela** (gou / met haas)
- (e) By die stamme **-fe?** (watter) en **-pe** (geen, party) word die betrokke morfeem vas aan die stam geskryf, byvoorbeeld:
motho o fe? / motho o-fe? teenoor **motho ofe?** (watter mens?)
- (f) Die vorm **sena** moet as een woord geskryf word as dit as hulpwerkwoord gebruik word, maar moet los geskryf word wanneer dit die ontkenning van **hê** aandui, byvoorbeeld:
ge a se na / se - na teenoor **sena dikgomo** (as hy nie beeste het nie)
- (g) Die **a** van die teenwoordige tyd moet los as 'n aparte woord geskryf word, byvoorbeeld:
keabona teenoor **ke a bona** (ek sien)
- (h) Die negatiewe vorm **se ke** moet altyd as twee woorde geskryf word, byvoorbeeld:
oseke wa gona / se - ke teenoor **o se ke wa gona** (jy moet nie snork nie)
- (i) Oor die algemeen word die koppelteken as 'n bykomstige diakritiese teken beskou en moet sover as moontlik vermy word, byvoorbeeld:
mo ntshepedisa bosigo / montshepedisa bosigo teenoor **mo - ntshepedisa bosigo** (hy wat my in die nag vergesel)

3.2.2 Semi-konjunktivisme

Die semi-konjunktiewe woordverdeling is met veel minder vuur gepropageer of aangeval. Dit is blykbaar daaraan toe te skryf dat die semi-konjunktiewe woordverdeling deur die disjunktiviste as konjunktief beskou is en deur die konjunktiviste as disjunktief. Louwrens (1991:9) meld dat Van Wyk hom tussen die konjunktivisme en die disjunktivisme bevind het, naamlik die semi-konjunktivisme. In hierdie benadering steun hy sommige van die konjunktiewe sienings en in ander gevalle steun hy disjunktiewe sienings. Volgens Louwrens (1991:9) argumenteer Van Wyk dat die werkwoord konjunktief geskryf word soos in die Ngunitale. Hy het egter die disjunktiewe skryfwyse aangeneem betreffende die possessiewe betrekkingwoorde, possessiewe voornaamwoorde, instrumentale en assosiatiewe betrekkingwoorde soos in die Sothotale. Nieteenstaande die goed gefundeerde basis wat Van Wyk voorgestaan het, het sy metode van woordverdeling, nooit regtig erkenning gekry nie weens die goedgevestigde skryfwyses van die disjunktivisme en konjunktivisme, veral met betrekking tot die onderwys en die beleid van die taalkunde. Die linguistiese implikasies van sy studie het die grammatikastudies van die Afrikatale in 'n heel nuwe rigting gestuur.

3.2.3 Konjunktivisme

Die konjunktivisme was feitlik uitsluitlik tot die Ngunitale beperk. Die fonologie van die Ngunitale is van so aard dat dit prakties moeilik is om die tale konsekwent disjunktief te skryf. Die rede hiervoor word gesoek in die uitgebreide voorkoms van vokaalelisie, vokaalsamesmelting en semivokalisasie. Die onderwerpskakel, voorwerpskakel, besitkakel, kopulas en bindpartikels van die Sothotale vorm byna sonder uitsondering afsonderlike lettergrepe terwyl hulle in die Ngunitale dikwels saam met die volgende woorde enkele lettergrepe vorm, byvoorbeeld:

ka selepe teenoor **ngezembe** (met die byl)

ngwana **wa** mosadi teenoor umtwana **womfazi** (die kind van die vrou)

Volgens Van Wyk (1958:18) was Appleyard die eerste skrywer wat 'n **konjunktiewe woordverdeling** voorgestaan het. In die vroeë twintigerjare het die Departement van Naturellesake van Suid-Rhodesië die taak aan C.M. Doke opgedra om die moontlike

unifikasie van die Shonadialekte te ondersoek. Doke het ondermeer gevind dat 'n eenvormige metode van woordverdeling net so belangrik was, as 'n eenvormige skrywe van spraakklanke en hy het begin om die probleem van woordverdeling op wetenskaplike gronde te ondersoek. Voordat Doke die ondersoek aangepak het, was hy 'n oortuigde disjunktivis. Na sy studie van die Shonadialekte het hy tot die oortuiging gekom dat konjunktivisme die enigste ware basis vir woordverdeling in die Afrikatale is, omdat dit ooreenstem met die manier waarop die Swartman praat. Hy het self eksperimente uitgevoer om te bewys dat die Afrikataalsprekendes spontaan konjunktief verdeel (Van Wyk, 1958:19).

Die hoeksteen van Doke se benadering was ongetwyfeld sy teorie aangaande die Afrikataalwoord. Volgens Doke (1957), soos aangehaal deur Van Wyk (1958:19), word die woord soos volg gedefinieer:

"That sound or group of sounds which is subject to one main stress and only one."

Doke se welbekende definisie van die Afrikataalwoord wat ook gegrond is op die konjunktiewe metode van woordverdeling, het 'n groot invloed gehad op grammatikastudies in die Afrikatale. Een van die belangrikste gevolge was dat die woord eerder aanvaar is as 'n konjunktiewe taalsimbool as 'n disjunktiewe taalsimbool.

3.2.4 Die verskillende items waaroor verskille bestaan

Die grammatiese verskynsels of items waaroor verskille in die genoemde metodes van woordverdeling bestaan, word vervolgens genoem en bespreek.

In die paragrawe wat volg, sal daar van die volgende afkortings gebruik gemaak word:

[w = woord, m = morfeem]

3.2.4.1 Die werkwoord

Daar bestaan verskille ten opsigte van die werkwoord:

| | | Disjunktivisme | Konjunktivisme | Semi-konjunktivisme |
|---|------------------------|----------------|----------------|---------------------|
| A | Onderwerpsmorfeme | W | M | M |
| B | Voorwerpsmorfeme | W | M | M |
| C | Refleksiefmorfeem | W | M | M |
| D | Negatiewe morfeem -sa | W | M | M |
| | Negatiewe morfeem -se | W | M | M |
| | Negatiewe morfeem -ga | W | M | M |
| E | Progressiefmorfeem -sa | W | M | M |
| F | Potensiale morfeem -ka | W | M | M |

3.2.4.1.1 Voorbeelde ten opsigte van die onderwerpsmorfeme

(a) Disjunktief

Volgens die disjunktiewe skryfwyse word die werkwoord en sy "prefikse" volledig disjunktief geskryf, dit wil sê onderwerpsmorfeme word as afsonderlike woorde behandel, byvoorbeeld:

Ke a bona. (Ek sien.)

Wanneer die onderwerpsmorfeem van die eerste persoon enkelvoud as n- verskyn, word dit vas geskryf, byvoorbeeld:

Nka dira. (Ek kan/mag werk.)

(b) Konjunktief en semi-konjunktief

Die konjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die onderwerpskakel as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Monna oabona. (Die man sien.)

Keamothusa. (Ek help hom.)

Kebatla gomothusa. (Ek wil hom help.)

3.2.4.1.2 Voorbeelde ten opsigte van die voorwerpsmorfeme**(a) Disjunktief**

Volgens die disjunktiewe skryfwyse word die voorwerpsmorfeme ook as afsonderlike woorde behandel, byvoorbeeld:

Ke a di bona. (Ek sien hulle, die beste.)

behalwe in die geval van die voorwerpsmorfeme van die eerste persoon enkelvoud, byvoorbeeld:

Ba a mpona. (Hulle sien my.)

asook wanneer die skakel van klas 1 aan die werkwoordstam assimileer, byvoorbeeld:

Ke a mmona. (Ek sien hom.)

(b) Konjunktief en semi-konjunktief

Die konjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die voorwerpskakels as morfeme, byvoorbeeld:

Keamothusa. (Ek help hom.)

3.2.4.1.3 Voorbeelde ten opsigte van die refleksiefmorfeem

(a) Disjunktief

Volgens die disjunktiewe woordverdelingsstelsel word die refleksiefmorfeem egter vas aan die werkwoordwortel geskryf, byvoorbeeld:

Ke a ipona. (Ek sien myself.)

(b) Konjunktief en semi-konjunktief

Die refleksiefmorfeem word ook as 'n morfeem beskou in sowel die konjunktiewe as die semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsels, byvoorbeeld:

Ke aipolaya. (Ek maak myself dood.)

3.2.4.1.4 Voorbeelde ten opsigte van die negatiewe morfeme -sa, -se en -ga

(a) Disjunktief

Volgens die disjunktiewe woordverdelingsstelsel word alle ontkenningmorfeme as afsonderlike woorde behandel, byvoorbeeld:

Ga ke bone. (Ek sien nie.)

Ka se bone. (En dan/ toe sien ek nie.)

Fa ke sa bone ... (As/wanneer ek nie sien nie ...)

(b) Konjunktief en semi-konjunktief

Die negatiewe morfeme -sa, -se en -ga word deur sowel die konjunktiewe as die semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsels as morfeme beskou, byvoorbeeld:

Gakereke. (Ek koop nie.)

3.2.4.1.5 Voorbeelde ten opsigte van die progressiewe item

(a) Disjunktief

Die disjunktiewe woordverdelingsstelsel beskou die progressief as 'n afsonderlike woord, byvoorbeeld:

Ke sa bona. (Ek sien nog.)

(b) Konjunktief en semi-konjunktief

Die konjunktiewe en die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die progressiewe item as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Kesareka. (Ek koop nog.)

3.2.4.1.6 Voorbeelde ten opsigte van die potensiale item**(a) Disjunktief**

Die potensiale item word deur die disjunktiewe skryfwyse as 'n afsonderlike woord behandel, byvoorbeeld:

Ke ka dira. (Ek kan werk.)

(b) Konjunktief en semi-konjunktief

Die konjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die potensiale item as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Kekareka. (Ek kan koop.)

3.2.4.2 Partikels/Betrekingswoorde

Daar bestaan verskille ten opsigte van die volgende partikels of betrekingswoorde.

| | | Disjunktivisme | Konjunktivisme | Semi-konjunktivisme |
|---|-------------------------------|----------------|----------------|---------------------|
| A | Instrumentale betrekingswoord | W | M | W |
| B | Assosiatiewe betrekingswoord | W | M | W |
| C | Lokatiewe betrekingswoord | W | M | W |

3.2.4.2.1 Voorbeelde ten opsigte van instrumentale betrekkingwoord -ka

(a) Disjunktief en semi-konjunktief

Die instrumentale betrekkingwoord word deur die disjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsel as 'n afsonderlike woord behandel, byvoorbeeld:

Ke rema ka selepe. (Ek kap met die byl.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiewe woordverdelingsstelsel beskou die instrumentale betrekkingwoord as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Kerema kaselepe. (Ek kap met die byl.)

3.2.4.2.2 Voorbeelde ten opsigte van die assosiatiewe betrekkingwoord -le

(a) Disjunktief en semi-konjunktief

Die assosiatiewe betrekkingwoord word deur beide die disjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsel as 'n woord beskou, byvoorbeeld:

Ke tsamaya le monna. (Ek loop saam met die man.)

(b) Konjunktief

Die assosiatiewe betrekkingwoord word deur die konjunktiviste beskou as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Ketsamaya lemonna. (Ek loop saam met die man.)

3.2.4.2.3 Voorbeelde ten opsigte van die lokatiewe betrekkingwoord -go

(a) Disjunktief en semi-konjunktief

Die lokatiewe betrekkingwoord **-go** word as 'n afsonderlike woord geskryf. Die lokatiewe klasprefiks **go** word vas aan die werkwoordwortel geskryf.

go wena (by jou) - **lokatiwe betrekkingwoord**

godimo ga (bo-op) - **lokatiwe klasprefiks**

(b) Konjunktief

Die lokatiewe betrekingswoord word deur die konjunktiviste as 'n morfeem beskou, byvoorbeeld:

Kemoromile kwagoPeloyatau. (Ek het hom na Peloyatau gestuur.)

3.2.4.3 Kopulatiewe werkwoorde (sogenaamde kopulatiewe partikels)

Daar bestaan verskille ten opsigte van die volgende kopulatiewe:

| | | Disjunktivisme | Konjunktivisme | Semi-konjunktivisme |
|---|----------------------------|----------------|----------------|---------------------|
| A | Identifiserende kopulatief | W | M | W |
| B | Definiërende kopulatief | W | M | W |

3.2.4.3.1 Voorbeelde ten opsigte van die identifiserende kopulatief**(a) Disjunktief en semi-konjunktief**

Die identifiserende kopulatief word deur sowel die disjunktiewe as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme as woorde beskou, byvoorbeeld:

Ke motho. (Dit is 'n mens.)

Ga se motho. (Dit is nie 'n mens nie.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiviste beskou die identifiserende kopulatief as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Kemotho. (Dit is 'n mens.)

3.2.4.3.2 Voorbeelde ten opsigte van die definiërende kopulatief**(a) Disjunktief en semi-konjunktief**

Die disjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die definiërende kopulatief as 'n woord, byvoorbeeld:

Monna o mogolo. (Die man is groot.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiewe woordverdelingsisteesem beskou die definiërende kopulatief as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Monna omogolo. (Die man is groot.)

3.2.4.4 Possessiewe en kwalifikatiewe skakels

Daar bestaan verskille ten opsigte van die possessiewe en relatiefskakels.

| | | Disjunktivisme | Konjunktivisme | Semi-konjunktivisme |
|---|--------------------|----------------|----------------|---------------------|
| A | Possessiewe skakel | W | M | W |
| B | Relatiefskakel | W | M | W |

3.2.4.4.1 Voorbeelde ten opsigte van die possessiewe skakel**(a) Disjunktief en semi-konjunktief**

Volgens die disjunktiewe en semi-konjunktiewe skryfwyses word die possessiewe skakel as 'n woord behandel, byvoorbeeld:

Ngwana wa mosadi. (Die kind van die vrou.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiewe skryfwyse beskou die possessiewe skakel as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Ngwana wamosadi. (Die kind van die vrou.)

3.2.4.4.2 Voorbeelde ten opsigte van die relatiefskakel

(a) Disjunktief en semi-konjunktief

Volgens die disjunktiewe en semi-konjunktiewe skryfwyses word die relatiefskakel as 'n woord beskou, byvoorbeeld:

Monna yô o dirang... (Die man wat werk...)

(b) Konjunktief

Die konjunktiviste beskou die relatiefskakel as 'n morfeem, byvoorbeeld:

Monna yôodirang... (Die man wat werk...)

3.2.4.5 Lokatiewe demonstratiewe

Daar bestaan verskille ten opsigte van die lokatiewe demonstratiewe.

| | | Disjunktivisme | Konjunktivisme | Semi-konjunktivisme |
|---|-----|----------------|----------------|---------------------|
| A | Fa | W | M/W | W |
| B | Mô | W | M/W | W |
| C | Kwa | W | M/W | W |

3.2.4.5.1 Voorbeelde ten opsigte van lokatiewe demonstratiewe mô en fa

(a) Disjunktief en semi-konjunktief

In die disjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteen word die lokatiewe demonstratiewe **mô** en **fa** as woorde beskou, byvoorbeeld:

Ke dira mô/fa tshingwaneng. (Ek werk in/by die tuin.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiewe woordverdelingsisteesem huldig die standpunt dat die lokatiewe demonstratiewe **mô** en **fa** morfeme of woorde kan wees, byvoorbeeld:

Ke dira fafatshe ga setlhare. (morfeem) (Ek werk onder die boom.)

Re tla dira mô/fa. (woord) (Ons sal hier werk.)

3.2.4.5.2 Voorbeelde ten opsigte van die lokatiewe demonstratief kwa**(a) Disjunktief en semi-konjunktief**

In die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteesem word die lokatiewe demonstratief **kwa** as 'n woord beskou, byvoorbeeld:

Ke dira kwa nokeng. (Ek werk in die tuin.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiewe woordverdelingsisteesem huldig die standpunt dat die lokatiewe demonstratief **kwa** 'n morfeem of 'n woord kan wees, byvoorbeeld:

Monna odira kwagodimo ntlo. (morfeem) (Die man werk bo-op die huis.)

Monna odira kwa. (woord) (Die man werk hier.)

3.2.4.6 Naamwoorde en voornaamwoorde**3.2.4.6.1 Voorbeelde ten opsigte van naamwoorde****(a) Disjunktief en semi-konjunktief**

Die disjunktiewe en die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteesem beskou die naamwoord sowel as die voornaamwoord as woorde, byvoorbeeld:

Ke reka selepe. (Ek koop die byl.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiewe woordverdelingsstelsel beskou die naamwoord as 'n stam of 'n woord, byvoorbeeld:

Kerema kaselepe. (stam) (Ek kap met die byl.)

Selepe serobegile. (woord) (Die byl het gebreek.)

3.2.4.6.2 Voorbeelde ten opsigte van voornaamwoorde**(a) Disjunktief en semi-konjunktief**

In die disjunktiewe sowel as semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsels word die voornaamwoord as 'n woord beskou, byvoorbeeld:

Ke reka sônê. (Ek koop dit, die byl.)

(b) Konjunktief

Die konjunktiewe woordverdelingsstelsel huldig die standpunt dat die voornaamwoord 'n woord of 'n stam is, byvoorbeeld:

Kerema ka sônê. (stam) (Ek kap daarmee, die byl.)

Sône serobegile. (woord) (Dit het gebreek, die byl.)

3.3 WOORDIDENTIFIKASIE

Woordidentifikasie (d.i. woordgrensvasstelling) word gedoen aan die hand van 'n aantal woordtoetse. Van Wyk (1958:308) onderskei in die eerste plek tussen **(a) basiese toetse**, en **(b) addisionele toetse**. In die tweede plek onderskei Van Wyk (1958:303) twee soorte basiese toetse, naamlik **onafhanklike** en **afhanklike** basiese toetse. **Isoleerbaarheid** is 'n voorbeeld van 'n onafhanklike toets. **Verplaasbaarheid** is 'n afhanklike woordtoets. Van Wyk (1958:305) onderskei drie verplaasbaarheids-toetse, naamlik **skeikbaarheid**, **omstelbaarheid** en **vervangbaarheid**. Die addisionele toetse word ingedeel in die **morfologiese**, **sintaktiese**, **semantiese** en **fonologiese** toetse. Die basiese en addisionele toetse word vervolgens volledig bespreek.

3.3.1 Basiese toetse

'n Basiese toets bring een of ander algemene wordeienskap aan die lig, dit wil sê 'n eienskap wat in alle tale voorkom en wat gekondisioneer word deur een of ander basiese wordeienskap (Van Wyk, 1958:302).

3.3.1.1 Onafhanklike toets(e)

'n Onafhanklike basiese toets kan aangewend word sonder inagneming van die resultate van ander toetse. Dit is die toetse wat geen outonome woorde vir hulle aanwending veronderstel nie. **Isoleerbaarheid** is die enigste onafhanklike basiese toets.

(a) Isoleerbaarheid

As daar één wordeienskap is wat deur baie skrywers opgemerk is, dan is dit die kenmerk van sekere woorde om geïsoleerd, dit wil sê buite verband met ander woorde, gebruik te kan word. Die verskynsel van isoleerbaarheid vereis uit die aard van die saak dat die isoleerbare taaltekens die kleinste taaltekens moet wees wat so behandel kan word. Dit spreek vanself dat woordgroepe wat normalerwys self nie as volledige sinne gebruik word nie, soos byvoorbeeld **monna yô mogolo (die groot man)** meesal ook isoleerbaar is. Sulke woordgroepe kan egter nie as woorde beskou word nie omdat hulle verskeie minimale isoleerbare taaltekens kan insluit. Isoleerbaarheid is 'n wordeienskap wat direk gekondisioneer word deur die feit dat die woord die kleinste taalteken is wat selfstandig beteken (Van Wyk, 1958:201-203). Byvoorbeeld

Go boile eng? (Wat het teruggekeer?)

Ntšwa. (Die hond.)

teenoor

Ntšwa e dirile eng? (Wat het die hond gedoen?)

E boile. (Hy het teruggekeer.)

In hierdie voorbeeld is beide **ntšwa** en **e boile** outonome woorde.

3.3.1.2. Afhanklike toetse

Dit is toetse wat die bestaan van enkele outonome woorde impliseer vir hulle aanwending. **Verplaasbaarheid** is 'n voorbeeld van so 'n toets. Verplaasbaarheid berus op die feit dat woorde selfstandige betekenis het en dus nie direkte verband in tyd moet hê met die woorde waarmee hulle direkte verband buite tyd het wanneer hulle as sintagmene van dieselfde sin gebruik word nie (Van Wyk, 1958:308). Die verplaasbaarheidstoetse kan vir praktiese doeleindes in drie tipes verdeel word.

(a) Skeibaarheid

Skeibaarheid is 'n aspek van verplaasbaarheid wat as 'n beperkte basiese woordtoets toegepas kan word in gevalle waar twee segmente deur een of meer outonome woorde geskei kan word. Skeibaarheid kan neweskikkend of onderskikkend wees, en die omvang van die skeibaarheid van die woordgroep hang af van die soorte skeibaarheid wat dié groep toelaat. Die voorkoms van skeibaarheid word beperk deur woordbetekenis en toepassingsgewoontes (Van Wyk, 1958:238). Byvoorbeeld:

Ke mosadi. (Dit is 'n vrou.)

Mosadi is reeds as 'n outonome woord bewys maar die vraag ontstaan of **ke** 'n outonome woord is. **Ke** kan geskei word van **mosadi**, byvoorbeeld **ke ene** (dit is sy, die vrou) en daarom is **ke** ook 'n outonome woord.

(b) Omstelbaarheid

Omstelbaarheid is ook 'n aspek van verplaasbaarheid wat as 'n beperkte basiese woordtoets gebruik kan word in gevalle waar 'n verdagte segment omstelbaar is met 'n outonome woord of woordgroep. Die voorkoms van omstelbaarheid word beperk deur die rol wat woordorde in die betrokke taal speel (Van Wyk, 1958:239), byvoorbeeld:

Monna o dirile maabane. (Die man het gister gewerk.) teenoor
Maabane monna o dirile. (Gister het die man gewerk.)

(c) **Vervangbaarheid**

Dit is 'n beperkte basiese woordtoets wat toegepas word in die gevalle waar 'n verdagte segment vervang kan word deur 'n woord waarmee dit paradigmatische verband het. Wanneer 'n verdagte segment vervang kan word deur 'n woord wat die gebruik van dié segment uitsluit, kan dit as 'n beperkte vorm van die vervangbaarheidtoets gebruik word (Van Wyk, 1958:239), byvoorbeeld:

Dikgomo tsa me/ka. (My beeste.) teenoor **Dikgomo tsa bone.** (Hulle beeste.)

3.3.2 **Addisionele toetse**

Dié toetse is vir die besondere en hoofsaaklik toevallige woordeienskappe. Besondere woordkenmerke kan eers vasgestel word nadat die woorde van 'n taal reeds geïdentifiseer is. Dit beteken dat addisionele toetse nie ontwikkel kan word voordat die resultate van die basiese toetse in ag geneem word nie (Van Wyk, 1958:303).

Basiese toetse moet voorkeur geniet bo addisionele toetse. Dit beteken dat die semantiese toetse voorrang geniet bo verskillende addisionele toetse. Binne die hiërargie van die basiese toetse moet die onafhanklike toetse voorkeur geniet bo die afhanklike toetse. Isoleerbaarheid- en verplaasbaarheidstoetse fungeer gesamentlik as 'n absolute woordtoets, dit wil sê hulle is genoegsaam om al die woorde of die meeste van die woorde van 'n taal te identifiseer.

3.4 **KLASSIFIKASIEPRINSIPES/KRITERIA**

Wanneer die vraag gestel word waarom dit nodig is om 'n taal se woorde in woordklasse in te deel, moet die antwoord gesoek word in die ryke verskeidenheid verskille tussen die tipiese eienskappe van individuele woorde in die totale korpus van die taal se woordeskat. Woordklasindeling kan met 'n onmiddellike doel aangepak word, naamlik die beskrywing van 'n besondere aspek van die woord in die betrokke taal. Woordklasindeling moet 'n omvattende doel hê, met ander woorde 'n sisteem van woordklasse moet aansluit by alle aspekte van woordbeskrywing en alle vlakke van taalbeskrywing (Van Wyk, 1958:70).

Van Wyk (1961:70-76) wend vier prinsipes aan by die bestudering van taaltokens om hulle sodoende in woordklasse in te deel. Die klassifikasiekriteria wat hy so ontwikkel het uit klassifikasieprinsipes, het 'n omvattende klassifikasie van woordklasse opgelewer. As die vier prinsipes in die geheel teenoor mekaar geplaas word, wil dit tog voorkom of daar 'n natuurlike orde is waarvolgens die morfologiese en sintaktiese prinsipes voorkeur moet geniet bo die semantiese en die fonologiese. Van Wyk (1961:77-78) stel die volgende rangorde voor:

- (a) Die morfologiese en valensionele kriteria konsentreer op die volledige woord as taaltoken, terwyl die fonologiese en semantiese kriteria slegs konsentreer op enkele "momente van die woord se taaltoken wees".
- (b) Die vasstelling van die woordklasse beroep hom op 'n groep woorde met gemeenskaplike morfologiese eienskappe wat tegelyk ook almal dieselfde sintaktiese eienskappe het.
- (c) Die woordklasse wat gevind is volgens die morfologiese en valensionele kriteria word nou vergelyk met die woordklasse wat vasgestel is met die fonologiese en semantiese eienskappe om verdere ooreenkomste vas te stel.

Die hele klassifikasietegniek moet so toegepas wees dat dit die kleinste aantal woordklasse oplewer met die grootste moontlike inhoud. Gebeur dit dat woorde aangetref word wat toevallige kenmerke het, word hierdie toevallige kenmerke gebruik om 'n onderverdeling van woordklasse in sub-kategorieë te maak.

3.4.1 Morfologiese kriteria

Van Wyk (1961:73) wend die volgende indelingskriteria aan:

- (a) Morfologiese eenledigheid teenoor morfologiese meerledigheid. Hiervolgens word daar onderskei tussen monomorfematiese (**ruri** - werklik) en polimorfematiese woorde (**mo** - **tho** -mens).
- (b) Die voorkoms van individuele morfeme, met ander woorde wat die ontkenningsmorfeem **ga-** bevat (**ga ke itse** - ek weet nie).

- (c) Die voorkoms van bepaalde tipes morfeme byvoorbeeld woorde met klaspre-fikse (**motho** - mens).
- (d) Gehele morfologiese strukture byvoorbeeld woorde met die struktuur klaspre-fiks + stam (**mo** - **tho** -mens).
- (e) Die kombineerbaarheid van die wortelmorfeme. Volgens dié kriterium kan onderskei word tussen woorde waarvan die stamme nie met affigale morfeme verbind kan word nie (**ljool** - verbasing) en woorde waarvan die wortels wel met ander morfeme verbind kan word (**-tse in motse** - stat).

3.4.2 Semantiese kriteria

Van Wyk (1961:72) baseer die semantiese indelingskriteria op die volgende:

- (a) Betekeniselemente van woorde. Dit kan ingedeel word in sodaniges wat 'n betekeniselement van ontkenning het (**ga ke itse** - ek weet nie), woorde wat 'n betekeniselement van verkleining het (**motsana** - statjie).
- (b) Betekenismomente van woordstamme. Hiervolgens kan woorde onder meer ingedeel word in woorde wat sake beteken (**motho** - mens), woorde wat prosesse beteken (**dira** - werk) en woorde wat aanwysing beteken (**fa** - hier).
- (c) Kombinasies van betekeniselemente en betekenismomente.

Hiervolgens word onderskei tussen woorde waarin 'n betekenismoment, proses, gekombineer is met 'n betekeniselement van ontkenning (**ga ke itse** - ek weet nie).

3.4.3 Fonologiese kriteria

Volgens Van Wyk (1961:71) kan die volgende woordfonologiese verskynsels as indelingskriteria dien:

- (a) Woorde eindig slegs op vokale.
- (b) Daar is slegs twee gelyke foneme naamlik /H/ en /L/.
- (c) Twee- en meerlettergrepige woorde het potensiële lengte op die voorlaaste lettergreep wat in gegewe sintaktiese verbande gerealiseer word.

3.4.4 Valensionele kriteria

Woordvalensie beteken die bruikbaarheid van 'n woord in groter eenhede, te wete woordgroepe en sinne. Die valensie of bruikbaarheid van 'n woord moet skerp onderskei word van die gebruik van 'n woord. In die woordgroep **bosigo bo etla** (die nag kom) en **ke tsamaya bosigo** (ek loop in die nag) word die woord **bosigo** onderskeidelik as 'n onderwerp en 'n deskriptiewe bepaling gebruik. Dit is nie net slegs woorde wat valensies het nie, maar woordgroepe en sinne ook. Die woordgroep **monna yô** (hierdie man) het dieselfde valensie as die woord **monna** (man) in die sin **monna o tlife** (die man het gekom) aangesien albei as onderwerpe gebruik word. Daar word onderskei tussen **sinsvalensie** en **woordgroepevalensie**.

3.4.4.1 Sinsvalensie

Van Wyk (1961:75) wys daarop dat die volgende verskynsels as indelingskriteria dien:

(a) Sinsvalensie teenoor geen sinsvalensie

Sekere woorde soos byvoorbeeld partikels, voegwoorde en hulpwerkwoorde kan onder normale omstandighede nie die volledige woordinhoud van 'n sin uitmaak nie, terwyl interjektiewe en imperatiewe wel sodanig gebruik kan word. Die beperking van normale omstandighede wat hier gestel is, verwys na saaknoemfunksie dit wil sê waar daar deur die woordgebruik 'n saak of sake geken word wat buite die woord self staan. Hierteenoor staan selfnoemfunksie dit wil sê wanneer 'n taalelement sodanig gebruik word dat die element self geken word en nie die sake wat buite die element staan nie.

(b) Valensie vir onafhanklike en afhanklike sinne

Sekere woorde kan gebruik word as volledige inhoud van sinne wat nie 'n linguistiese verband veronderstel nie, byvoorbeeld: **Tloga!** (Gaan weg.)

(c) Valensies van verskillende soorte onafhanklike sinne

Imperatiewe werkwoorde kan in roepsinne gebruik word, byvoorbeeld **Tloga!** (Gaan weg!) Indikatiewe werkwoorde kan in stelsinne gebruik word **Ke tlife** (Ek het gekom).

Indikatiewe werkwoorde word ook in vraagsinne gebruik **A ba jele?** (Het hulle geëet?)

3.4.4.2 Woordgroepvalensies

Van Wyk (1961:75-76) vermeld in die verband die volgende indelingskriteria:

(a) Valensie vir kombinasie teenoor geen sodanige valensie

Die naamwoord **monna** (man) kan op verskeie maniere met ander woorde kombineer en het dus valensie vir kombinasie.

(b) Valensie vir gebruik in neweskikkende of onderskikkende woordgroepe

Naamwoorde en werkwoorde kan neweskikkend met ander woorde gekombineer word (**Bana ba a tsamaya** - Die kinders loop). Naamwoorde kan ook in onderskikkend verband gebruik word (**mona yô** - hierdie man). Voegwoorde kan slegs in onderskikkende groepe verskyn (**gê aetla** - as hy kom).

(c) Valensie as kern en/of bepaling in onderskikkende woordgroepe

Imperatiewe werkwoorde kan deur ander woorde bepaal word (**Etla ka pela** - Kom gou) maar kan self nie ander woorde bepaal nie en het dus slegs kernvalensie. Ideofone kan weer ander woorde bepaal (**letsatsi lere tserr** - die son is warm) maar kan nie self die kern van 'n bepaling wees nie en het dus slegs bepalingsvalensie.

(d) Verskillende soorte kernvalensies in onderskikkende woordgroepe

Naamwoorde kan dien as kerns van kwalifikatiewe bepalings (**motho yô** - hierdie mens), as kerns van predikatiewe bepalings (**ngwana o sule** - die kind is dood), ensovoorts. Werkwoorde kan nie so gebruik word nie, maar wel as kerns van objektbepalings (**ke rata ngwana** - ek hou van die kind) asook bywoordelike bepalings (**ke a mo itse ruri** - ek ken hom werklik).

(e) Verskillende soorte bepalingsvalensies in onderskikkende groepe

Werkwoorde kan dien as predikatiewe bepalings van onderwerpe (**metsi a a bela** - die water kook) en naamwoorde as objektbepalings van predikate (**ba ja nama** - hulle eet vleis).

HOOFSTUK IV

DIE WOORDKLASSTATUS VAN DIE VOORNAAMWOORD

4.1 INLEIDING

Die verskillende items wat in hoofstuk 2 as voornaamwoorde geïdentifiseer is, kan die volgende moontlike statusse hê:

- (a) morfeem
- (b) stam
- (c) woord
- (d) woordgroep

Die verskillende woordverdelingsisteme verskil onderling wat betref die tipe **status** wat hulle aan die genoemde items toeken. Die statusse kan **vas** of **wisselend** wees. Die absolute voornaamwoord het byvoorbeeld 'n vaste status as 'n **woord** in die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme en 'n wisselende status as **morfeem** en **woord** in die konjunktiewe woordverdelingsisteme, byvoorbeeld:

Ke tla sega ka yônê. (disjunktief) (Ek sal daarmee sny.)

Ke-tla-sega ka yônê. (semi-konjunktief) (Ek sal daarmee sny.)

Ketlasega kayônê. (konjunktief) (Ek sal daarmee sny.)

Yôna thipa yê. (konjunktief) (Hierdie einste mes.)

Die instrumentale item "**ka**" is byvoorbeeld ook 'n item met 'n wisselende status. Dit het 'n vaste status as 'n **woord** in die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme en 'n **morfeemstatus** in die konjunktiewe woordverdelingsisteme soos in laasgenoemde voorbeelde blyk. Die kombinasie **ka** + **yônê** beklee 'n **woordgroepstatus** in die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme, maar 'n vaste **woordstatus** in die konjunktiewe woordverdelingsisteme. Omdat **ka** as prefiks gewaardeer word, word **yona** as die stammorfeem beskou.

Uit hierdie voorbeelde is dit duidelik dat die **morfologie** en die **sintaksis** van die onderskeie sisteme hemelsbreed van mekaar sal verskil, juis weens die statusverskille wat hulle aan items toeken.

Soos reeds uitgewys in hoofstuk 3 berus hierdie verskillende woordverdelingsisteme op verskille in woordtoetse wat wissel van impressionistiese interpretasie tot wetenskaplik gefundeerde toetse. Die toetsbattery wat deur Van Wyk (1958:308) ontwikkel is, is wetenskaplik die aanvaarbaarste omdat dit op bepaalde taalwetenskaplike kriteria en kenmerke berus wat deurgaans die mees konsekwente benadering voorstel en derhalwe alle items oor dieselfde kam skeer. Daar is dus geen lukraakte of wisselende toepassing op die toepaslike items nie, soos wel die geval is met ander verdelingsisteme. Daar sal vervolgens gekyk word na die status van elk van die "items" wat as voornaamwoorde beskou word.

4.2 TOEPASSING

Die toepassing van die kriteria op die verskillende items sal waar moontlik volgens die volgende skema beskrywe word :

- (a) Status (vorige bevindinge en nuwe status)
- (b) Generiese status
- (c) Struktuur (morfologies of sintakties) soos van toepassing

4.2.1 Die absolute voornaamwoord

4.2.1.1 Status

Die absolute voornaamwoord is reeds volledig bespreek in paragraaf 2.2. Daar sal geen verdere in diepte bespreking volg nie.

(a) Vorige bevindinge

- (i) Volgens die **disjunktiewe** en die **semi-konjunktiewe** woordverdelingsisteme het die absolute voornaamwoord 'n vaste status as 'n **woord**, byvoorbeeld:

Monna o tla rêka tsônê. (Die man sal hulle koop - die beeste.) (Disjunktief)

Monna o-tla-rêka tsônê. (Die man koop hulle - die beeste.) (Semi-konjunktief)

- (ii) Volgens die **konjunktiewe** woordverdelingsstelsel beklee die absolute voornaamwoord die status van sowel 'n **stam/morfeem** as 'n **woord**, byvoorbeeld:

Monna osega kayônê. (stam/morfeem) (Die man sny daarmee - die mes.)

Yônê thipa yê. (woord) (Hierdie eerste mes.)

(b) Nuwe statusvasstelling

Die absolute voornaamwoord is getoets volgens die onafhanklike basiese woordtoets naamlik, **isoleerbaarheid** asook die afhanklike basiese woordtoetse naamlik, **omstelbaarheid**, **skeikbaarheid** en **vervangbaarheid** en daarvolgens is die status van die absolute voornaamwoord vasgestel as **woord** in die sintaktiese omgewings.

4.2.1.2 Generiese status

Volgens die klassifikasieprinsipes, gebaseer op morfologiese, semantiese, fonologiese en sintaktiese kriteria is die woordsoortstatus vasgestel as die van **absolute voornaamwoord**.

4.2.1.3 Struktuur

Volgens Cole (1975:128) is die absolute voornaamwoord diachronies gevorm deur 'n konkordiale morfeem en 'n wortel **-ô-** wat assimileer, met die uitgang **-nê** of **-na**.

se + o + na > sona (elisie van e)

dī + o + na > tsona (palatalisering van d)

Die wortel van die eerste , tweede en derde persoon enkelvoud is waarskynlik **-ê-** en die uitgang slegs **-na**.

o + ê + na > wêna

e + ê + na > (y)êna

Daar kan volgens Krüger (1989:7) nie saamgestem word met hierdie beskouing dat die absolute voornaamwoord uit 'n kategoriale morfeem plus 'n wortel **-ô-** plus 'n uitgang **-na** bestaan nie. Daar kan geen semantiese of grammatiese waarde aan **-na**

toegestaan word nie en is dus derhalwe geen morfeem nie. Die elisie van **-na** in **na yô(na)** is fonologiese elisie op sintaktiese vlak.

4.2.2 Die demonstratiewe voornaamwoord

4.2.2.1 Status

Die demonstratiewe voornaamwoord is volledig bespreek in paragraaf 2.3. 'n Verdere in diepte bespreking sal dus onnodig wees.

(a) Vorige bevindinge

- (i) Die disjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die demonstratiewe voornaamwoord as 'n **woord**, byvoorbeeld:

Kgômô ê, e fula mô nagêng. (Hierdie bees wei in die veld.) (Disjunktief)

Kgômô ê, e-fula mô nagêng. (Hierdie bees wei in die veld.) (Semi-konjunktief)

- (ii) Die konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die demonstratiewe voornaamwoord as 'n **stam/morfeem** sowel as 'n **woord**, byvoorbeeld:

Mothô yô, oatsamaya. (woord) (Hierdie man, hy loop.)

Monna orêma kasê. (stam/morfeem) (Die man kap met hierdie een.)

(b) Nuwe statusvasstelling

Die demonstratiewe voornaamwoord is getoets aan die basiese onafhanklike woordtoets naamlik, isoleerbaarheid asook aan die afhanklike woordtoetse naamlik, skeikbaarheid, omstelbaarheid en vervangbaarheid, en daarvolgens is die status van die demonstratiewe voornaamwoord vasgestel as **woord**.

4.2.2.2 Generiese status

Na bestudering van die klassifikasieprinsipes, naamlik die morfologiese, semantiese, fonologiese en sintaktiese kriteria word die woordsoortstatus vasgestel as dié van demonstratiewe of aanwysende voornaamwoord.

4.2.2.3 Struktuur

Volgens Krüger (1989:7) word die demonstratiewe voornaamwoord morfologies saamgestel uit 'n kategoriale morfeem, identies aan die onderwerpskakel, plus 'n ooreenstemmende lae vokaal wat assimileer, byvoorbeeld:

e + ê > ê (hierdie)

Die tweede posisie word gevorm deur slegs 'n suffiks **-ô** aan afstand een te voeg, byvoorbeeld:

yô + o > yôo (daardie)

Die derde posisie word gevorm deur 'n suffiks **-lê** aan afstand een te voeg, byvoorbeeld:

yô + lê > yôlê (doerdie)

Cole (1975:130 - 132) onderskei die volgende afstande:

- (a) afstand een wat gevorm word deur 'n kategoriale morfeem wat assimileer met 'n ooreenstemmende lae vokaal, byvoorbeeld:

le + ê > lê (hierdie)

- (b) die tweede afstand word ook gevorm deur die suffigering van die suffiks **-o** aan afstand een, byvoorbeeld:

yô + ô > yôo (daardie)

- (c) die derde afstand word gevorm deur die suffigering van die suffiks **-no** aan afstand een, byvoorbeeld:

yô + no > yôno (hierdie hier)

- (d) die vierde afstand word gevorm deur die suffigering van die suffiks **-lê** aan afstand een, byvoorbeeld:

yô + lê > yôlê (doerdie)

Hierdie afstandindeling verskil van dié van onder andere Louwrens en Poulos (1994:81-83) deurdat hulle afstand III van Cole afstand Ia noem. Laasgenoemde is 'n beter indeling as dié van Cole omdat sy afstand III nie inpas tussen afstand II en III nie.

4.2.3 Die kwantitatiewe voornaamwoorde

4.2.3.1 Status

Die kwantitatiewe voornaamwoord is reeds in diepte bespreek in paragraaf 2.4. en 'n verdere bespreking sal dus nie nodig wees nie.

(a) Vorige bevindinge

- (i) Die disjunktiewe en die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die **inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord** as 'n **woord**, byvoorbeeld:

Banna bôtlhê ba ya kwa nagêng. (Disjunktief) (Al die mans gaan na die veld.)

Banna bôtlhê ba - ya kwa go yônê. (Semi-konjunktief) (Al die mans gaan daarheen.)

Die disjunktiewe en die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die **eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord** as 'n **woord**, byvoorbeeld:

Re tla bitsa wêna wêsi. (Disjunktief) (Ons sal jou alleen roep.)

Re - tla - bitsa wêna wêsi. (Semi-konjunktief) (Ons sal jou alleen roep.)

Die disjunktiewe sowel as die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die **getalaanduidende kwantitatiewe voornaamwoord** as 'n **woord**, byvoorbeeld:

Ditonki tsôo pêdi di nwa mêtsi mô nokêng. (Disjunktief) (Albei donkies drink water in die rivier.)

Ditonki tsôo pêdi di - nwa mêtsi mô nokêng. (Semi-konjunktief) (Albei die donkies drink water in die rivier.)

- (ii) Die konjunktiewe woordverdelingsstelsel beskou die kwantitatiewe voornaamwoord (inklusiewe, eksklusiewe en getalaanduidende kwantitatiewe voornaamwoorde) as **woorde** sowel as **stamme/morfeem**, byvoorbeeld:

Dintšwa tsôtlhê, dibogola kabosigo. (woord) (Al die honde blaf in die nag.)

Ketsamaya lebôtlhê. (stam/morfeem) (Ek loop saam met almal - die mense.)

Kebitsa wêna wêsi. (woord) (Ek roep jou alleen.)

Ketsamaya lewêsi. (stam/morfeem) (Ek loop saam met jou alleen.)

Rona rôô babêdi re ya kwa tôrôpông. (woord) (Ons albei gaan dorp toe.)

Kedira lerôô babêdi mô tôrôpông. (stam/morfeem) (Ek werk saam met albei in die dorp.)

(b) Nuwe statusvasstelling

Die kwantitatiewe voornaamwoorde is getoets aan die basiese onafhanklike toets, naamlik dié van isoleerbaarheid, asook die afhanklike toetse naamlik die van omstelbaarheid, skeikbaarheid en vervangbaarheid en daarvolgens is die status van die kwantitatiewe voornaamwoord vasgestel as **woord**. In die konjunktiewe woordverdelingsstelsel beklee die kwantitatiewe voornaamwoord die status van sowel 'n **woord** as 'n **stam/morfeem**.

4.2.3.2 Generiese status

Na aanleiding van die klassifikasieprinsipes, naamlik die van morfologiese, semantiese, fonologiese en sintaktiese kriteria is die woordsoortstatus van dié voornaamwoord vasgestel as die van subkategorieë van die **kwantitatiewe voornaamwoord**.

4.2.3.3 Struktuur

Die inklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord word volgens Cole (1975:155) gevorm deur 'n kategoriale morfeem, identies aan die onderwerpsmorfeem, wat assimileer

aan die wortel **-ô-** en die uitgang **-tlhê** neem. Met hierdie beskouing kan nie saamgestem word nie omdat daar geen grammatiese waarde aan óf **-ô-** of **-tlhê** geheg kan word nie. Die wortel is dus **-ôtlhê**.

Die eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord word volgens Cole (1975:156) gevorm deur 'n **tipe kwantitatiewe skakel** wat aan die wortel **-si** assimileer. Daar kan egter nie met die beskouing saamgestem word nie aangesien daar geen grammatiese waarde aan **-si** geheg kan word nie. Die wortel is dus **-osi**.

Die getalaanduidende kwantitatiewe voornaamwoord word gevorm deur 'n tipe kwantitatiewe skakel vooraan 'n adjektiefstam **-bedi**, **-raro**, **-nê**, **-tlhano** en **-rataro** te voeg. Vir die bespreking van die kwantitatiewe voornaamwoorde met die wortels **-sele**, **-fe** en **-pe**, word daar verwys na paragraaf 4.3.4.4.

4.2.4 Die kwalifikatiewe betrekkingwoordgroep

4.2.4.1 Die adjektief-relatiefgroep

4.2.4.1.1 Status

Die adjektief-relatiefgroep kwalifikatiewe voornaamwoord is reeds volledig bespreek in paragraaf 2.5.2. Geen verdere in diepte bespreking sal volg nie.

(a) Vorige bevindinge

- (i) Die disjunktiewe en die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou die adjektief-relatiefgroep as 'n **woordgroep**, byvoorbeeld:

Monna yô mogolo o kwala buka. (Disjunktief) (Die groot man skryf 'n boek.)

Monna yô mogolo o - kwala buka. (Semi-konjunktief) (Die groot man skryf 'n boek.)

- (ii) Die konjunktiewe woordverdelingsstelsel beskou die adjektief-relatiefgroep as 'n **woord** en as 'n **stam**, byvoorbeeld:

Yômogolo okwala buka. (woord) (Die groot een skryf 'n boek.)

Buka yayômogolo. (stam) (Die boek van die grote / groot een.)

(b) Nuwe statusvasstelling

Die sogenaamde adjektief-relatief kwalifikatiewe voornaamwoord se status is dié van 'n **woordgroep** in sowel die disjunktiewe as die semi-konjunktiewe woordverdeling-sisteme. Die status van die adjektief is vasgestel aan die hand van die onafhanklike woordtoets van isoleerbaarheid, asook die afhanklike toetse van skeikbaarheid, omstelbaarheid en vervangbaarheid. Die status van die adjektief-relatiefgroep in die konjunktiewe woordverdelingsstelsel is die van 'n **woord of stam**.

4.2.4.1.2 Generiese status

Die generiese of woordgroepstatus van die adjektief-relatief is aan die hand van die klassifikasieprinsipes (morfologiese, semantiese, fonologiese en sintaktiese) vasgestel as die van adjektief-relatiefgroep.

4.2.4.1.3 Struktuur

Die adjektief-relatiefgroep bestaan uit die kwalifikatiefskakel (adjektiefskakel/relatiefskakel) wat dieselfde vorm het as die demonstratief 1 van die omskrewe naamwoord, en die klasprefiks van die omskrewe naamwoord wat voor aan die adjektiefwortel geskryf word, byvoorbeeld:

molelô ô mogolo ('n groot vuur)

In die **n-** en **diN-** klasse vind plosivering plaas van die aanvangsfoneem van die adjektiefwortel indien dit 'n frikatief is. Die geassimileerde vorm word in die **di-** klasse behou waar die gebruik van die **di-** prefiks voor die adjektiefwortels egter opsioneel is. By meerlettergrepige stamme verdwyn **n-** maar by eenlettergrepige wortels word **n-** behou, byvoorbeeld:

kgômo é kgolo (**n-** + **-golo** > **kgolo**) ('n groot bees)

dikgômo tsê (**di**)**kgolo** (groot beeste)

hempe é ntshwa ('n nuwe hemp)

4.2.4.2 Die werkwoord-relatiefkonstruksie en die kopulatief-relatiefkonstruksie

4.2.4.2.1 Status

Die werkwoord-relatief- en kopulatief-relatiefkonstruksie is reeds in diepte bespreek in paragraaf 2.5.4.

(a) Vorige bevindinge

- (i) Volgens die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme word die kopulatief-relatief en die werkwoordrelatiefkonstruksie (direkte en indirekte) as **woordgroepe** beskou, byvoorbeeld:

Monna yô o dirang o botlhale. (Disjunktief) (Die man wat werk is slim.)

Monna yô o-dirang o botlhale. (Semi-konjunktief) (Die man wat werk is slim.)

Monna yô o botlhale ... (Disjunktief) (Die man wat slim is ...)

Monna yô-o botlhale ... (Semi-konjunktief) (Die man wat slim is ...)

- (ii) Volgens die konjunktiewe woordverdelingsisteme word die werkwoord-relatief as 'n **woord** beskou, byvoorbeeld:

Monna yôodirang olapilê. (Die man wat werk is moeg.)

Monna yôobotlhale ... (Die man wat slim is ...)

(b) Nuwe statusvasstelling

Volgens die verskillende woordtoetse wat toegepas is, naamlik die van isoleerbaarheid, skeikbaarheid, omstelbaarheid en vervangbaarheidstoetse is die status van die werkwoord-relatiefkonstruksie dié van 'n **woordgroep** in die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme. In die konjunktiewe woordverdelingsisteme het dit die status van 'n **woord**. Dit geld vir die sogenaamde direkte relatief. By die indirekte relatief word die relatiefskakel vas aan die onderwerp van die relatiewe werkwoord geskryf, byvoorbeeld:

Monna yôbana ba mo ratang ... (Die man vir wie die kinders lief is ...)

Vergelyk ook die volgende voorbeeld:

Monna yôgantsi bana ba mo êtêtseng ... (Die man by wie die kinders dikwels gekuier het ...)

waarin die onhoudbaarheid van die konjunktiewe sisteem aangedui word.

4.2.4.2.2 Generiese status

Volgens die klassifikasieprinsipes (morfologiese, semantiese, fonologiese en sintaktiese kriteria) is die status van die bogenoemde struktuur vasgestel as dié van 'n werkwoord-relatiefgroep of kopulatief-relatiefgroep.

4.2.4.2.3 Struktuur

Die werkwoord-relatief bestaan uit 'n antesedent (omskrewe woord), 'n inleidende lid en 'n komplement. Die inleidende lid is 'n kwalifikatiewe betrekkingwoord wat vormlik identies ooreenstem met demonstratief 1. Dit word vertaal met "wat". Die relatiewe werkwoord wat as komplement optree kan in die teenwoordige tyd (**Lekau lê le dirang...**), toekomstige tyd (**Lekau lê le tla dirang...**), perfektum (**Lekau lê le dirileng...**) en die onvoltooide verlede tyd (**Lekau lê le nêng le dira...**) geskryf word.

4.2.4.3 Die possessiewe voornaamwoord

4.2.4.3.1 Status

Die possessiewe voornaamwoord is reeds volledig bespreek in die paragraaf 2.5.3. Geen verdere bespreking sal volg nie.

(a) Vorige bevindinge

- (i) Volgens die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme beklee die possessiewe voornaamwoord die status van 'n **woord**, byvoorbeeld:

Dikgômo tsa bônê di fula mô nagêng. (Disjunktief) (Hulle beeste wei in die veld.)

Dikgômo tsa bônê di-fula mô nagêng ya rona. (Semi-konjunktief) (Hulle beeste wei in ons veld.)

- (ii) Volgens die konjunktiewe woordverdelingsstelsel is die possessiewe voornaamwoord 'n **stam/morfeem** byvoorbeeld:

Bathô barêka dikgômo tsabônê. (stam/morfeem) (Die mense koop hulle beeste.)

(b) Nuwe statusvasstelling

Die possessiewe voornaamwoord is getoets aan die basiese onafhanklike woordtoets, naamlik isoleerbaarheid asook die basiese afhanklike woordtoetse, naamlik skeikbaarheid, omstelbaarheid en vervangbaarheid. Daarvolgens is vasgestel dat die status van die possessiewe voornaamwoord in die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsels dié van 'n **woord** is. Die possessiewe voornaamwoord is volgens die konjunktiewe woordverdelingsstelsel 'n **woord** en soms 'n **stam/morfeem**.

4.2.4.3.2 Generiese status

Die klassifikasieprinsipes (morfologiese, semantiese, fonologiese en sintaktiese kriteria) het aan die lig gebring dat daar voortaan met die term possessiewe voornaamwoord volstaan sal word.

4.2.4.3.3 Struktuur

Die struktuur van die possessiewe voornaamwoord lyk in die meeste gevalle dieselfde as die absolute voornaamwoord behalwe **klas 1** enkelvoud waar dit **gagwê** is, asook die eerste persoon enkelvoud wat **ka/me** is en die tweede persoon enkelvoud wat **gago** is.

4.2.4.4 Die enumeratiewe voornaamwoord

4.2.4.4.1 Status

Die enumeratiewe kwantitatiewe voornaamwoord is volledig bespreek in paragraaf 2.5.5.

(a) Vorige bevindinge**(i) -sele**

Die disjunktiewe woordverdelingsisteem beskou **-sele** as 'n **woord**. Die semi-konjunktiewe en konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou **-sele** as 'n **wortel**, byvoorbeeld :

Bathô ba sele ba dira mô nagêng. (Disjunktief) (Die vreemde / mans werk in die veld.)

Bathô basele badira mô nagêng. (Konjunktief) (Die vreemde / mans werk in die veld.)

Bathô basele ba - dira mô nagêng. (semi-konjunktief)

(ii) -fe? en -pê?

Die disjunktiewe woordverdelingsisteem beskou **-fe** en **-pê** as **wortels**. Die semi-konjunktiewe en die konjunktiewe woordverdelingsisteme beskou **-fe** en **-pê** ook as **wortels**, byvoorbeeld:

Ke bona batho bafe? (Watter mense?)

Ke bona batho bape? (Ek sien geen mense nie.)

(b) Nuwe statusvasstelling

Die status van die enumeratiewe voornaamwoorde is volgens die semi-konjunktiewe woordverdelingsisteem van Van Wyk dié van 'n **wortel** voorafgegaan deur 'n kategoriale morfeem identies aan die onderwerpsmorfeem.

4.2.4.4.2 Generiese status

Die kategorieë van kwantitatiewe voornaamwoorde wat deur Cole (1975:155) erken word, is die **inklusiewe** (wortel **-otlhê**) en die **eksklusiewe** (wortel **-ôsi**) tipes. Laasgenoemde tipe kan verkieslik die **selektiewe** kwantitatiewe voornaamwoord genoem word omdat dit die seleksie van 'n item of items aandui en nie soseer uitsluiting nie. Die term **enumera-tief** het die semantiese waarde van getal / telbaarheid en is daarom nie gepas as term vir **-pê** en **-fe** en **-sele** nie. Hulle dui een of ander kwantum aan; **-pê** dui aan dat 'n sekere hoeveelheid / gedeelte / kwantum

uitgesluit is en kan derhalwe 'n eksklusiewe kwantitatiewe voornaamwoord genoem word. **-Sele** dui aan dat 'n sekere deel / kwantum van items onbekend is of uitgesonder word van andere en kan derhalwe 'n **seperatiewe** kwantitatiewe voornaamwoord genoem word. Die wortel **-fe** dui aan dat oor 'n sekere aantal / kwantum items navraag gedoen word en kan derhalwe 'n vraende kwantitatiewe voornaamwoord genoem word. Al die voornaamwoorde het die tipiese struktuur van die ander voornaamwoorde naamlik, konkordiale **morfeem + wortel**. Daar kan dus beweer word dat die voornaamwoorde met die wortels **-sele**, **-pê** en **-fe** as subkategorieë van die kwantitatiewe voornaamwoord gereken moet word.

4.2.4.4.3 Struktuur

Elkeen van die enumeratiewe voornaamwoorde neem die kategoriale morfeem van die naamwoord waarop dit betrekking het. Die vraende voornaamwoordwortel **-fe?** beteken **watter**; die eksklusiewe voornaamwoordwortel **-pê** beteken **geen** en die seperatiewe voornaamwoordwortel **-sele** beteken **ander** of **vreemde** in Tswana, byvoorbeeld:

| | |
|------------------------|-------------------|
| Monna ofe? | (Watter man?) |
| Batho bape. | (Geen mense.) |
| Dikgomo disele. | (Vreemde beeste.) |

HOOFSTUK V

SAMEVATTING

TITEL: DIE VOORNAAMWOORD IN TSWANA : DIE IDENTIFIKASIE EN KLASSIFIKASIE

Dit het uit die bronnestudie aan die lig gekom dat daar in verskeie grammatikale studies van die Afrikatale erkenning gegee word aan die woordklas "voornaamwoord" as 'n aparte woordkategorie. Die grammatici verskil egter onderling in terme van die items wat as voornaamwoorde geklassifiseer word. Die grondoorzaak van hierdie interpretasieverskille is geleë in die bestaan van drie woordverdelingsisteme in die studie van die Afrikatale, naamlik konjunktivisme, semi-konjunktivisme en disjunktivisme.

In hoofstuk 1 is gestel dat die doel van die studie is om die "items" wat as voornaamwoorde in die grammatikas beskou word, te herwaardeer in terme van hulle woordsoortlike status aldan nie. Die studie het dit dus genoodsaak dat die woordverdelingsisteme en woordklassifiseringskriteria asook die woordidentifiseringskriteria onder die soeklig geplaas is. In dié hoofstuk is dit ook gestel dat daar 'n aantal probleme voortvloei uit die verskille wat daar bestaan ten opsigte van die teoretiese benadering aangaande die twee probleemareas van die woord in Tswana, naamlik woordidentifisering en woordklassifisering. Die probleme wat in die studie aandag geniet het, was onder meer hoe die woordverdelingsisteme daaruit sien, wat die verskille en ooreenkomste is tussen die woordidentifiserings- en klassifiseringskriteria en om uitsluitel te verkry oor watter woordverdelingsstelsel die mees aanvaarbare is volgens linguïstiese beginsels.

In hoofstuk 2 is daar aandag gegee aan die verskillende items wat as voornaamwoorde beskou word. Dit het aan die lig gekom dat grammatici soos Van Eeden (1941), Sandilands (1953), Doke (1957), Van Wyk (1961), Ziervogel (1969), Cole (1975) en Louwrens (1991) almal die absolute, demonstratiewe en kwantitatiewe voornaamwoord as 'n woordklas erken. Grammatici soos Doke (1957), Cole (1975), Louwrens en Poulos (1994) maak egter melding van die sogenaamde kwalifikatiewe

voornaamwoorde. Die adjektief, enumeratief, possessief en die relatief word as kwalifikatiewe voornaamwoorde geklassifiseer. Cole (1975) beskou die kwantitatief ook as 'n kwalifikatiewe voornaamwoord. Grammatici soos Van Wyk (1961) en Krüger (1989) stem egter nie met die siening saam nie aangesien sekere van die genoemde items nie woorde is nie, maar wel woordgroepe.

In hoofstuk 3 is begin deur aandag te gee aan 'n teoretiese raamwerk vir die identifikasie en klassifikasie vir die verskillende voornaamwoorde soos wat hulle bestaan in die verskillende Afrikatale. Die drie woordverdelingsisteme soos wat dit in die Afrikatale voorkom is onder die soeklig geplaas. Daar kon nog nooit eenstemmigheid verkry word aangaande die probleem van woordklasse of woordsoorte nie. Die verskille wat daar bestaan ten opsigte van woordidentifisering en woordsoortklassifisering spruit voort uit die woordverdelingsisteme. In dié hoofstuk is verskillende grammatiese verskynsels of items geïdentifiseer waaroor daar verskille bestaan in die verskillende woordverdelingsisteme. Daar bestaan onder andere verskille ten opsigte van die werkwoord, betrekkingwoorde (partikels of skakels), kopulatiewe werkwoorde, die possessiewe en kwalifikatiewe skakels, asook die lokatiewe demonstratiewe, naamwoorde en voornaamwoorde. Daar is ook gekyk na die verskillende toetse wat geld vir die woordidentifikasie. Die klassifikasie-prinsipes of kriteria is ook behandel.

In hoofstuk 4 is die woordklasstatus van die voornaamwoorde geïdentifiseer. Die verskillende woordverdelingsisteme verskil onderling wat betref die tipe status wat aan die verskillende items toegeken word. Die items kan die status van onder meer 'n morfeem, stam, woord of woordgroep hê. Die verskillende voornaamwoorde is behandel volgens hul status (vorige bevindinge en nuwe status), hul generiese status, asook hul morfologiese en sintaktiese struktuur. Daar is volgens die verskillende woordverdelingsisteme vasgestel of die voornaamwoorde 'n vaste of wisselende status beklee. Daar is vasgestel dat die absolute, demonstratiewe en kwantitatiewe voornaamwoorde volgens die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme die vaste status van 'n woord beklee. Dié drie voornaamwoorde beklee volgens die konjunktiewe woordverdelingsisteme die status van 'n woord of stam of morfeem. Die adjektief-relatief en werkwoord-relatief beklee volgens die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsisteme die status van woordgroepe. Dié

konstruksies beklee volgens die konjunktiewe woordverdelingsstelsel die status van woorde sowel as stamme. Die possessiewe voornaamwoord het volgens die disjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsels die status van 'n woord. In die konjunktiewe woordverdelingsstelsel het dit die status van 'n stam/morfeem. Die enumeratiewe voornaamwoord **-sele** het volgens die disjunktiewe stelsel die status van 'n woord en volgens die semi-konjunktiewe en konjunktiewe woordverdelingsstelsels die status van 'n wortel. Die enumeratiewe voornaamwoorde **-fe?** en **-pe** het volgens die disjunktiewe woordverdelingsstelsel die status van wortels. Die konjunktiewe en semi-konjunktiewe woordverdelingsstelsels deel ook die siening. Die enumeratiewe voornaamwoorde **-sele** en **-pe** is herwaardeer as subkategorieë van die kwantitatiewe voornaamwoord, terwyl **-fe?** as interrogatiewe voornaamwoord gewaardeer is.

CHAPTER V

SUMMARY

TITLE: THE PRONOUN IN TSWANA: IDENTIFICATION AND CLASSIFICATION

It was revealed by research that in several grammatical studies of African languages, the word class "pronoun" as a separate word category is acknowledged. The grammarians differ mutually in terms of the items that are classified as pronouns. The underlying cause of this difference in interpretation lies in the existence of three word distributing systems in the study of African languages, namely conjunctivism, semi-conjunctivism and disjunctivism.

In chapter 1 it is constituted that the aim of the study to reassess the "items" that are regarded as pronouns in the grammars, in terms of their status as parts of speech, if not. The study made it necessary that the word distributing systems and word classification criteria as well as the word identification criteria as well as the word identification criteria be subjected to a close scrutiny. In this chapter it was constituted that a number of problems ensue from the differences that exist regarding the theoretical approach regarding the two problem areas of the word in Tswana, namely word identification and word classification. The problems that were addressed in the study were how the word distributing systems are, what the differences and similarities between word identification and classification criteria are and to gain finality about which word distributing system is the most acceptable, according to linguistic principles.

In chapter 2, attention is paid to the different items that are regarded as pronouns. It was revealed that grammatici such as Van Eeden (1941), Sandilands (1953), Doke (1957), Van Wyk (1961), Ziervogel (1969), Cole (1975) and Louwrens (1991) all regard the absolute, demonstrative and quantitative pronoun as a word class. Grammatici such as Doke (1957), Cole (1975), Louwrens and Poulos (1994) mention the so-called qualificative pronouns. The adjective, enumerative, possessive and the relative are classified as qualificative pronouns. Cole (1975) regards the quantitative as a

qualificative pronoun as well. Grammaticians such as Van Wyk (1961) and Krüger (1989) don't agree with this point of view, because some of the mentioned items are not words, but word groups.

In chapter 3, attention is paid to a theoretical framework for the identification and classification of the different pronouns as they exist in the different African languages. The three word distributing systems as they appear in the African languages, were investigated. Unanimity regarding the problem of word classes or parts of speech could not be reached. The differences that exist regarding word identification and word classification, originated from the word distributing systems. In this chapter, different grammatical phenomenon or items were identified, about which there are differences in the different word distributing systems. Differences regarding the verb, function words (particles or links), copulative verbs, the possessive and qualificative links, as well as the locative demonstratives, nouns and pronouns exist. Different tests that apply to word identification, were investigated. The classification principles or criteria were also researched.

In chapter 4, the word class status of the pronouns is identified. The different word distributing systems differ mutually regarding the type of status awarded to the different items. The items can have the status of either a morpheme, base, word or word group. The different pronouns were treated according to their status (previous findings and new status), their generic status, as well as their morphological and syntactical structure. It was established that according to the different word distributing systems, it can be determined whether pronouns occupy a set or varying status. It was determined that the absolute, demonstrative and quantitative pronouns regarding the disjunctive and semi-conjunctive word distributing systems occupy the set status of a word. These three pronouns occupy the status of a word or base or morpheme, according to the conjunctive word distributing system. The adjective-relative and verb-relative occupy the status of word groups, according to the disjunctive and semi-conjunctive word distributing systems. These constructions occupy the status of words as well as bases according to the conjunctive word distributing system. The possessive pronoun occupies the status of a word according to the disjunctive and semi-conjunctive word distributing systems. It has the status of a base/morpheme in the conjunctive word

distributing system. According to the disjunctive system, the enumerative pronoun **-sele** has the status of a word and the status of a base according to the semi-conjunctive and conjunctive word distributing system. the enumerative pronouns **-fe?** and **-pe** has the status of bases according to the disjunctive word distributing system. The conjunctive and semi-conjunctive word distributing systems share this view. the enumerative pronouns **-sele** and **-pe** are re-assessed as subcategory of the quantitative pronoun, while **-fe?** is assessed as interrogative pronoun.

BYLAAG

I DIE ABSOLUTE VOORNAAMWOORD

TABEL 1.1

DIE ABSOLUTE VOORNAAMWOORD IN TSWANA

| | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-----------|----------|
| 1ste persoon | nna | rona |
| 2de persoon | wêna | lona |
| 3de persoon 1 | ênê | bônê |
| 2 | ônê | yônê |
| 3 | lônê | ônê |
| 4 | sônê | tsônê |
| 5 | yônê | tsônê |
| 6 | lônê | tsônê |
| 7 | jônê | ônê |
| 8,9 | gônê | |

TABEL 1.2

DIE ABSOLUTE VOORNAAMWOORD IN NOORD-SOTHO

| | |
|--------------------|---------------|
| mo – yêna | ba - bôna |
| mo – wôna | me - yôna |
| le – lônâ | ma - ôna |
| se – sônâ | di - tsônâ |
| n - yônâ | di(n) - tsônâ |
| bo – bjônâ | |
| fa, go, mo – gônâ | |
| 1ste persoon – nna | rêna |
| 2de persoon – wêna | lêna |

TABEL 1.3

DIE ABSOLUTE VOORNAAMWOORD IN SUID-SOTHO

| | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-----------|----------|
| 1ste persoon | 'na | rona |
| 2de persoon | uena | lona |
| 3de persoon 1 | eena | bona |
| 2 | oona | eona |
| 3 | lona | ona |
| 4 | sona | tsona |
| 5 | eona | tsona |
| 6 | bona | ona |
| 7 | hona | |

II DEMONSTRATIEWE VOORNAAMWOORD

TABEL 2.1

DIE DEMONSTRATIEWE VOORNAAMWOORD IN TSWANA

| KLAS | AFSTAND 1 | AFSTAND 2 | AFSTAND 3 | AFSTAND 4 |
|------|-------------|---------------|---------------------|---------------------|
| 1 | yô[ô] | yôô[ôô] | yôno[ôno] | yôle[ôle] |
| 2 | ba | bao | bano | balê |
| 3 | ô[wô] | ôo[wôo] | ôno[wôno] | ôlê[wôlê] |
| 4 | ê[yê] | êo[yêo] | êno[yêno] | êlê[yêlê] |
| 5 | lê[jê] | lêo[jêo] | lêno[jêno] | lêlê[jêlê] |
| 6 | a | ao | ano | alê |
| 7 | sê | sêo | sêno | sêlê |
| 8 | tsê | tsêo | tsêno | tsêlê |
| 9 | ê[yê] | êo[yêo] | êno[yêno] | êlê[yêlê] |
| 10 | tsê | tsêo | tsêno | tsêlê |
| 11 | lô | lôo | lôno | lôlê |
| 12 | tsê | tsêo | tsêno | tsêlê |
| 13 | jô[bô] | jô[bôo] | jôno[bôno] | jôlê[bôlê] |
| 14 | a | ao | ano | alê |
| 15 | fa, kwa, mô | fôo, kôo, môo | fano, môno kwano | falê, môlê kwalê |

TABEL 2.2
DIE DEMONSTRATIEWE VOORNAAMWOORD IN NOORD-SOTHO

| KLAS | | 1 | 1a | 2 | 3 |
|------|-----|-------|------|-------|---|
| mo- | yó | yóno | yóo | yóla | |
| ba- | ba | bano | bao | bale | |
| mo- | wó | wóno | wóo | wóla | |
| me- | yê | yêno | yêo | yêla | |
| le- | lê | lêno | lêo | lêla | |
| ma- | a | ano | ao | alê | |
| se- | sê | sêno | sêo | sêla | |
| di- | tšê | tšêno | tšêo | tšêla | |
| n- | yê | yêno | yêo | yêla | |
| di- | tšê | tšêno | tšêo | tšêla | |
| bo- | bó | bóna | bóo | bóla | |
| mó- | mó | móno | móo | móla | |
| fa- | fa | fano | fao | fale | |
| | | | | | |
| | | | | | |
| 18 | mó- | mó | móo | móla | |

TABEL 2.3

DIE DEMONSTRATIEWE VOORNAAMWOORD IN SUID-SOTHO

| KLAS | TRAP 1 | TRAP 2 | TRAP 3 |
|------|--------------------------|--------------------------|----------------------------|
| 1 | eo, enoa baa, bana | eo, eno bao, bano | eane, eloa bane, bale |
| 2 | oo, ona ee, ena | oo, ono eo, eno | oane, ola eane, ela |
| 3 | lee, lena aa, ana | leo, leo ao, ano | lane, lela ane, ale |
| 4 | see, sena tsee, tsena | seo, seno tseo, tseño | sane, sela tsane, tsela |
| 5 | ee, ena tsee, tsena | eo, eno tseo, tseño | eane, ela tsane, tsela |
| 6 | boo, bona aa, ana | boo, bono ao, ano | bane, bola ane, ale |
| 7 | hoo, hona | hoo, hono | hane, hoane hola |

III DIE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD

TABEL 3.1

DIE INKLUSIEWE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD IN TSWANA

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-----------|----------|
| 1ste persoon | - | rôtlhê |
| 2de persoon | - | lôtlhê |
| 3de persoon 1 | - | bôtlhê |
| 2 | ôtlhê | yôtlhê |
| 3 | lôtlhê | ôtlhê |
| 4 | sôtlhê | tsôtlhê |
| 5 | yôtlhê | tsôtlhê |
| 6 | lôtlhê | tsôtlhê |
| 7 | jôtlhê | ôtlhê |
| 8,9 | gôtlhê | |

TABEL 3.2

DIE INKLUSIEWE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD IN NOORD-SOTHO

| KLAS | |
|-------------------|---------------|
| 1ste persoon | yôhlê - bôhlê |
| 2de persoon | yôhlê - bôhlê |
| 1(1a) | yôhle |
| 2(2b) | bôhle |
| 3 | wôhlê |
| 4 | yôhlê |
| 5 | lôhlê |
| 6 | ôhlê |
| 7 | sôhlê |
| 8 | tšôhlê |
| 9 | yôhlê |
| 10 | tšôhlê |
| 14 | bjôhlê |
| 16} 17} 18} | gôhlê |

TABEL 3.3

DIE INKLUSIEWE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD IN SUID-SOTHO

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|------|-----------|--------------|
| 1 | - | bohle |
| 2 | oohle | eohle |
| 3 | lohle | ohle, tsohle |
| 4 | sohle | tsohle |
| 5 | eohle | tsohle |
| 6 | bohle | ohle |
| 7 | hohle | |

TABEL 3.4

DIE EKSKLUSIEWE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD IN TSWANA

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-----------|----------|
| 1ste persoon | nôsi | rôsi |
| 2de persoon | wêsi | lôsi |
| 3de persoon 1 | êsi | bôsi |
| 2 | ôsi | yôsi |
| 3 | lôsi | ôsi |
| 4 | sôsi | tsôsi |
| 5 | yôsi | tsôsi |
| 6 | lôsi | tsôsi |
| 7 | jôsi | ôsi |
| 8 | gôsi | |
| 9 | gôsi | |

TABEL 3.5

DIE GETALAANDUIDENDE KWANTITATIEWE VOORNAAMWOORD IN TSWANA

| KLAS | | |
|--------------|------------|------------|
| 1ste persoon | rôo babedi | rôo bararo |
| 2e persoon | lôo babedi | lôo bararo |
| 3e persoon 1 | bôo babedi | bôo bararo |
| 2 | êo mebedi | êo meraro |
| 3 | ao mabedi | ao mararo |
| 4 | tsôo pedi | tsôo tharo |
| 5 | tsôo pedi | tsôo tharo |
| 6 | tsôo pedi | tsôo tharo |
| 7 | ao mabedi | ao mararo |

IV DIE POSSESSIEWE VOORNAAMWOORD

TABEL 4.1

DIE POSSESSIEWE VOORNAAMWOORD IN TSWANA

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-----------|----------|
| 1ste persoon | -me[ka] | -rona |
| 2de persoon | -gago | -lona |
| 3de persoon 1 | -gagwe | -bônê |
| 2 | -ônê | -yônê |
| 3 | -lônê | -ônê |
| 4 | -sônê | -tsônê |
| 5 | -yônê | -tsônê |
| 6 | -lônê | -tsônê |
| 7 | -jônê | -ônê |
| 8,9 | gônê | |

TABEL 4.2

DIE POSSESSIEWE VOORNAAMWOORD IN NOORD-SOTHO

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-----------|----------|
| 1ste persoon | -ka | -rena |
| 2de persoon | -gago | -lena |
| 3de persoon 1 | -gagwe | -bona |
| 2 | -wôna | -yôna |
| 3 | -lôna | -ôna |
| 4 | -sôna | -tsôna |
| 5 | -yôna | -tsôna |
| 6 | -bjôna | |
| 7 | -gôna | |

TABEL 4.3

DIE POSSESSIEWE VOORNAAMWOORD IN SUID-SOTHO

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-----------|-------------|
| 1ste persoon | -ka | -rona |
| 2de persoon | -hao | -lona |
| 3de persoon 1 | -hae | -bôna |
| 2 | -òona | -eona |
| 3 | -lona | -ona, tsona |
| 4 | -sona | -tsona |
| 5 | -eona | -tsona |
| 6 | -bona | -ona |
| 7 | hona | |

V DIE RELATIEFKONSTRUKSIE

TABEL 5.1

DIE DIREKTE RELATIEFKONSTRUKSIE IN TSWANA

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|---------------|-------------------------|---------------|
| 1ste persoon | yôke- | bare- |
| 2de persoon | yôo- | balo- [bale-] |
| 3de persoon 1 | yôo- | baba- |
| 2 | ôo- | êe- [yêe-] |
| 3 | lêle- | aa- |
| 4 | sêse- | tsêdi- |
| 5 | êe- | tsêdi- |
| 6 | lôlo- | tsêdi- |
| 7 | jôbo- | aa- |
| 8,9 | fago- kwago- môgo | |

TABEL 5.2

DIE INDIREKTE RELATIEFKONSTRUKSIE IN TSWANA

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|------|----------------|----------|
| 1 | yô [ô] | ba |
| 2 | ô [wô] | ê [yê] |
| 3 | lê [jê] | a |
| 4 | sê | tsê |
| 5 | ê [yê] | tsê |
| 6 | lô | tsê |
| 7 | jô | a |
| 8,9 | fa go mo | |

DIE RELATIEFKONSTRUKSIE IN NOORD-SOTHO

TABEL 5.3

WERKWOORDE, BV. ENIGE WERKWOORDSTAM SOOS -LEMA (PLOEG)

| KLAS | PRONOMEN: SKAKEL : WERKWOORDSTAM |
|------|----------------------------------|
| mo- | yô a lema - go |
| ba- | ba ba lemago |
| mo- | wô o lemago |
| me- | yê e lemago |
| le- | lê le lemago |
| ma- | a a lemago |
| se- | sê se lemago |
| di- | tšê di lemago |
| n- | yê e lemago |
| di- | tšê di lemago |
| bo- | bjô bo lemago |
| go- | mô go lemago |

TABEL 5.4

DIE NOMINALE (NAAMWOORDELIKE) RELATIEF

| KLAS | SKAKEL : NOMINALE RELATIEF |
|------|----------------------------|
| mo | yô bohlale |
| ba | ba bohlale |
| mo | wô bohlale |
| me | yê bohlale |
| le | lê bohlale |
| ma | a bohlale |
| se | sê bohlale |
| di | tšê bohlale |
| n | yê bohlale |
| di | tšê bohlale |
| bo | bjô bohlale |

TABEL 5.5

DIE SKAKEL VAN DIE ENUMERATIEF RELATIEF

| KLAS | SKAKEL : STAM | |
|------|---------------|------|
| mo- | o | šoro |
| ba- | ba | šoro |
| mo- | ó | šoro |
| me- | é | šoro |
| le- | lé | šoro |
| ma- | a | šoro |
| se- | sé | šoro |
| di- | di | šoro |
| n- | é | šoro |
| di- | di | šoro |
| bo- | bó | šoro |
| go- | gó | šoro |

TABEL 5.6

DIE RELATIEFKONSTRUKSIE IN SUID-SOTHO

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|------|-----------|----------|
| 1 | ea- | ba- |
| 2 | o- | e- |
| 3 | le- | a-, tse- |
| 4 | se- | tse- |
| 5 | e- | tse- |
| 6 | bo- | a- |
| 7 | ho | |

VI DIE ENUMERATIEWE VOORNAAMWOORDE

DIE ENUMERATIEWE VOORNAAMWOORDE IN TSWANA

| KLAS | |
|------|--------|
| mo | mongwe |
| ba | bangwe |
| mo | mongwe |
| me | mengwe |
| le | lengwe |
| ma | mangwe |
| se | sengwe |
| di | dingwe |
| n- | nngwe |
| di- | dingwe |
| lo- | longwe |
| di- | dingwe |
| bo- | bongwe |
| ma- | mangwe |
| go- | gongwe |

TABEL 6.1

| KLAS | -fe? | -pe | -sele |
|--------|------|------|--------|
| 1 mo- | ofe | ope | osele |
| 2 ba- | bafe | bape | basele |
| 3 mo- | ofe | ope | osele |
| 4 me- | efe | epe | esele |
| 5 le- | lefe | lepe | lesele |
| 6 ma- | afe | ape | asele |
| 7 se- | sefe | sepe | sesele |
| 8 di- | dife | dipe | disele |
| 9 n- | efe | epe | esele |
| 10 di- | dife | dipe | disele |
| 11 lo- | lofe | lope | losele |
| 12 di- | dife | dipe | disele |
| 13 bo- | bofe | bope | bosele |
| 14 ma- | afe | ape | asele |
| 15 go- | gofe | gope | gosele |

TABEL 6.2

DIE ENUMERATIEWE VOORNAAMWOORDE IN SUID-SOTHO

| KLAS | STERK | SWAK |
|------|-----------------|----------------|
| 1 | mo- ba- | o- ba- |
| 2 | mo- me- | o- e- |
| 3 | le- ma-, li- | le- a-, li- |
| 4 | se- li- | se- li- |
| 5 | [N]- li- | e- li- |
| 6 | bo- ma- | bo- a- |
| 7 | ho- | ho- |

| KLAS | ENKELVOUD | MEERVOUD |
|------|-----------|------------|
| 1 | mong | bang |
| 2 | mong | meng |
| 3 | leng | mang, ling |
| 4 | seng | ling |
| 5 | ngoe | ling |
| 6 | bong | mang |
| 7 | hong | |

| KLAS | | |
|------|-------------------|-------------------------|
| 1 | ofe bafe | osele basele |
| 2 | ofe efe | osele esele |
| | lefe afe, life | lesele asele, lisele |
| 4 | sefe life | sesele lisele |
| 5 | efe life | esele lisele |
| 6 | bofe afe | bosele asele |
| 7 | hofe | hosele |

BIBLIOGRAFIE

- COLE, D.T. 1975. An introduction to Tswana Grammar. London : Longmans, Green and Co. 473p.
- CRISP, W. 1886. Notes towards a Secoana Grammar. Society for promoting christian knowledge : London. 104p.
- DOKE, C.M. 1957. Textbook of Southern Sotho Grammar. London : Longmans, Green and Co. 491p.
- KRÜGER, C.J.H. 1989. Tswana Sintaksis (TSW 321). Potchefstroom : PU vir CHO. 63p. (Diktaat D105/89.)
- LE ROUX, J.C. 1988. Demonstratief in Tswana. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Afrikatale, 8(2) : 41-55, Jan.
- LOMBARD, D.P., VAN WYK, E.B. EN MOKGOKONG, P.C. 1985. Introduction to the Grammar of Northern Sotho. Pretoria : J.L. van Schaik. 203p.
- LOUWRENS, L.J. 1991. Aspects of Northern Sotho Grammar. Pretoria : Via Africa Limited. 176p.
- LOUWRENS, L.J. 1994. Dictionary of Northern Sotho Grammatical terms. Pretoria : Via Africa Limited. 257p.
- POULOS, D & LOUWRENS, L.J. 1994. A Linguistic analysis of Northern Sotho. Via Africa : Pretoria. 524p.
- SANDILANDS, A. 1953. Introduction to Tswana. The London Missionary Society : Tigerkloof, Cape Province. 432p.
- SNYMAN, J.W., LE ROUX, J.C., SHOLE, J.S., RAMAMANE, D.T., LEE, P.P., RAIKANE, N.E. EN MOTHOGAE, K.M. 1977. Tswana (Grammar). Pretoria : UNISA. 146p. (Study Guide 1 for TWN 202-6.)
-

- VAN EEDEN, B.I.C. 1941. Inleiding in die studie van Suid-Sotho. Stellenbosch : Pro Ecclesia Drukkery. 282p.
- VAN WYK, E.B. 1958. Woordverdeling in Noord-Sotho en Zulu. Pretoria : UP. (Proefskrif - ongepubliseerd.) 397p.
- VAN WYK, E.B. 1961. Die woordklasse van Noord-Sotho. (Feesbundel ter ere van prof. dr. J.A. Engelbrecht.) Johannesburg : Afrikaanse Pers Beperk. 93p.
- VAN WYK, E.B., GROENEWALD, P.S., PRINSLOO, D.J., KOCK, J.H.M. EN TALJARD, E. 1990. Noord-Sotho vir Eerstejaars. Pretoria : J.L. van Schaik (Edms) Bpk. 127p.
- VERMEULEN, G.J.G. & PRETORIUS, R.S. 1990. Tswana : Vlak 1 (TSW 114 en 124). Potchefstroom : PU vir CHO. 264p. (Diktaat D23/90.)
- WOOKEY, A.J. & BROWN, J.T. 1949. Secwana Grammar. Becwana District Committee : London Missionary Society. 223p.
- ZIERVOGEL, D. 1969. Handbook of Northern Sotho Language. Pretoria : J.L. van Schaik Limited. 160p.